# HOOFSTUK 4

## PLEEGSORG IN SUID-AFRIKA

### 4.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is die algemene sisteemteorie as teoretiese fundering in pleegsorg bespreek. In hoofstuk drie is aandag gegee aan die sorgbehoewende kind, maar ook aan die regte en behoeftes van alle kinders. Die doel van hierdie hoofstuk is om uit die literatuur, pleegsorg aan die hand van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) soos gewysig te bespreek, met spesifieke verwysing na die filosofie en nut van pleegsorg, asook die rol en taak van die maatskaplike werker. In hierdie hoofstuk word dus hoofsaaklik op pleegsorg en die wetlike implikasies daarvan, gefokus.

Uit statistiek soos saamgestel deur SASSA (*South African Social Security Agency*, 2007:1), word pleegkindtoelaes vir 402 186 pleegkinders in Suid-Afrika uitbetaal. Dit is egter nie moontlik om 'n akkurate getal ten opsigte van kinders wat beskerming deur pleegsorg benodig, te gee nie. Volgens navorsing wat gedurende 2004 onderneem is, is die getal weeskinders op 533 746 en die getal dubbel weeskinders op 512 684 gereken, terwyl (slegs) 300 317 pleegkinders teen Oktober 2005 geregistreer was (De Koker, De Waal & Vorster, 2006:667).

Hierdie hoë getal pleegkinders veroorsaak dat maatskaplike werkers baie hoë gevalleladings moet hanteer en hulle word grootliks administratief besig gehou met die skryf van verslae om hierdie pleegplasings te evalueer en die bevele van die plasings te verleng. Gevolglik is daar min tyd beskikbaar om voornemende pleegouers voldoende op te lei en voor te berei op voorgenome pleegplasings.

### 4.2 DOEL VAN PLEEGSORG

Uit gesprek met Scholtz (2007), Assistentbestuurder van maatskaplike werk verbonde aan die Department van Maatskaplike Ontwikkeling, wat betrokke was by die opstel van die *Draft Discussion Document and Foster Care Guidelines* (Scholtz, 1997:1-30), blyk dit dat hierdie

dokument nog nie gefinaliseer is nie. Praktiese aspekte soos vervat in die dokument is nog onder bespreking.

Die doel van pleegsorg word, volgens Scholtz (1997:2), soos volg uiteengesit:

- Om kinders te beskerm en te vertroetel deur aan hulle ‘n veilige en gesonde omgewing te verskaf, met onvoorwaardelike positiewe ondersteuning. Daar moet ook in kinders se ontwikkelings, fisiese, psigiese, emosionele, geestelike en mediese behoeftes voorsien word.

- Om in kinders se ontwikkelingsbehoeftes te voorsien deur hul selfbeeld uit te bou, etniese diversiteit te ondersteun, positiewe leiding te verskaf, gepaste dissipline toe te pas, intellektuele groei te ondersteun, positiewe sosiale verhoudings aan te moedig en ontwikkelingsagterstande onder die loep te neem.

- Om verhoudings tussen kinders, hul ouers en ander familielede te ondersteun, aan te moedig en te fasiliteer en om bestaande familieverhoudings te versterk en uit te bou waar dit in die beste belang van die kind is.

- Om kinders met die nodige vaardighede toe te rus om gesonde verhoudings te kan vorm en te handhaaf.

- Om die doel van permanensie te bevorder, eerstens ten opsigte van gesinshereniging of om kinders by ander veilige familie op langtermyn te plaas.

- Om die individu en gesin te respekteer deur ‘n agting vir kulturele, etniese en gemeenskapsdiversiteit te openbaar.

- Voorsiening van ekonomiese, opvoedkundige, gesondheids- en sosiale ondersteuning, om in die behoeftes van kinders en hul families te voorsien.

- Opvoeding en sosialisering van kinders ten opsigte van ‘n suksesvolle oorskakeling na die lewe van ‘n jong volwassene met sy eiesoortige verhoudings en verantwoordelikhede.

'n Bespreking van pleegsorg word verder onder punt 4.3 uiteengesit, aangesien hierdie studie gemik is op die opleiding van voornemende pleegouers rakende die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), asook die wetlike implikasies van pleegsorg. Die navorser is van mening dat dit belangrik is vir voornemende pleegouers om oor voldoende kennis te beskik van wat pleegsorg behels om die volgende redes:

- om sodoende die risiko van mislukte plasings te probeer voorkom of te minimaliseer;
- om die pleegkind wat van 'n ouerhuis kom waar hy aan moontlike traumatiese gebeure blootgestel is, beter te verstaan en om 'n beter begrip oor sy menswees te openbaar; en
- om die pleegkind wat moontlike gedrags-, emosionele, sosiale, en kognitiewe "afwykings" openbaar, beter te kan hanteer.

## 4.3 PLEEGSORG IN SUID-AFRIKA

Dit is belangrik om kennis te neem van pleegsorg en die statutêre proses wat daarmee gepaardgaan, aangesien hierdie kennis aan voornemende pleegouers oorgedra moet word tydens hul opleidingsessies (Steenkamp, 2003). Die doel is om voornemende pleegouers met die nodige kennis te bemagtig, sodat hulle optimaal as pleegouers kan funksioneer binne die raamwerk en vereistes soos aan hulle gestel deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die welsynsorganisasie self (Fick, 1991:72).

### 4.3.1 Omskrywing van die begrip pleegsorg

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:49) definieer pleegsorg soos volg: "Statutêre substituutsorg binne gesinsverband vir kinders wat op kort-, medium- of langtermyn nie deur hul ouers versorg kan word nie, terwyl dienste aan die ouers voortgesit word om die kinders binne 'n bepaalde tydsbestek weer in hulle sorg terug te plaas." Goldstein, *et al*. (1996:14) dui aan dat pleegsorg gerig is op die substituutversorging van kinders. Barker (1991:86) definieer pleegsorg as die fisiese versorging van kinders wat nie by hul biologiese ouers kan woon nie. Die Amerikaanse gebruik van 'foster care' sluit ook inrigtingversorging in en verwys na alle kinders wat versorg word buite hul ouerhuise (Everett, 1994:375). Soos in hoofstuk drie vermeld, maak die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) soos gewysig, in Art 15(1)(b) daarvoor voorsiening dat 'n sorgbehoewende kind onder toesig van 'n maatskaplike werker in die bewaring van 'n geskikte pleegouer soos deur die hof aangewys, geplaas word. Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983)

maak verder in Artikel 16(1) daarvoor voorsiening dat 'n bevel wat ingevolge Art 15(1)(b) uitgereik word, na 'n tydperk van twee jaar verval. Hierdie bevel kan egter ingevolge Art 16(2) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), vir 'n verdere tydperk van twee jaar verleng word tot die datum waarop die kind 18 jaar oud word. Volgens die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), bereik kinders reeds op die ouerdom van 18 jaar, mondigheid.

Volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), is 'n pleegouer enige persoon, behalwe 'n ouer of voog, in wie se sorg 'n kind geplaas is in terme van genoemde Wet. Skelton (1998:137) beskryf 'n pleegouer soos volg: "A foster parent is someone who has received the right to have temporary custody (meaning day-to-day care of a child)." Skelton (1998:137) meld verder dat 'n pleegkind in pleegouers se sorg verkeer vir solank as wat die hofbevel duur. Hughes (1997:40) meld dat pleegouers hulle daartoe verbind om 'n pleegkind as deel van hul gesin groot te maak. Pleegouers ontvang ook 'n pleegkindtoelaag van die staat (Skelton, 1998:137). De Koker, *et al.* (2006:663) omskryf 'n pleegkindtoelaag soos volg: "The foster child grant (FCG) is a monthly payment made to foster parents for the purposes of caring for a foster child who has been placed in their custody in terms of the Child Care Act." 'n Pleegkindtoelaag is betaalbaar aan die pleegouers op maandelikse basis en daar moet aan die volgende vereistes voldoen word volgens (Childline South Africa, 2007:1), naamlik:

- hulle moet deur die Hof aangewys word as pleegouers;
- die kind moet by die pleegouers woonagtig wees;
- die pleegouers moet in die pleegkind se basiese behoeftes voorsien; en
- die pleegkind moet skool bywoon as hy van skoolgaande ouderdom is.

Pleegsorg kan egter korttermyn of langtermyn wees en word ingedeel volgens die volgende kriteria soos in Schultz (2000:40-41):

#### 4.3.1.1 Korttermynpleegsorg

Korttermynpleegsorg vind plaas met die oog op die terugplasing van die kind by sy biologiese ouers. Dit is die eerste en belangrikste oorweging. Om hierdie doel te bevorder, moet die kind so geplaas word dat dit vir die ouers moontlik is om voortdurend met die kind kontak te maak en in voeling te bly. 'n Korttermynplasing met vrye toegang bestaan dus

wanneer die ouers gereelde kontak met die kind behou het, ingeskakel het vir terapie en tekens van groei toon. Rehabilitasie van die ouers is ook moontlik en daar bestaan wel die moontlikheid dat die kind in die toekoms in ouerlike sorg herstel kan word (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:11).

Volgens die *Department of Health* (1991:18), word die algemene belewenis van korttermynpleegsorg soos volg beskryf: "Even if nothing else was done, care which was provided during a family crisis helped to solve the immediate problem or offered much needed relief. Findings from 'Child Care Now' show that placements with the aim of 'temporary care' almost always achieved this aim".

Dit is nie maklik om die tydsduur van korttermynpleegsorg te bepaal nie. Dit gaan dus hier nie oor 'n definitiewe tydsbestek nie, maar eerder oor die potensiaal van die ouers om hul onvermoë om vir hul kind te sorg, te oorbrug. Vir pleegouers om suksesvol te kan optree in korttermynpleegsorg, vereis spesiale vaardighede en belangstelling in kinderopvoeding (*South African National Council for Child and Family Welfare*, 1987:13; Human 1994:103). Volgens die navorser moet hierdie wyse van plasing die eerste en belangrikste oorweging geniet. Om dit te bereik, moet die kind so geplaas word dat dit vir die ouers moontlik is om sinvol met die kind kontak te behou. Hierdie kontak tussen die pleegkind en sy biologiese ouers, het tot gevolg dat twee sisteme (pleegouers en biologiese ouers), interafhanklik van mekaar is. Gevolglik kan hierdie twee sisteme mekaar ook wedersyds beïnvloed.

#### 4.3.1.2 Langtermynpleegsorg

Miller (1995:5) noem: "… a parent has serious problems when the parent cannot look at the needs and wishes, feelings and thoughts of his or her child." Wanneer herstel van 'n kind in sy ouers se sorg binne die beplande tydsbestek nie moontlik is nie, of wanneer daar uit die staanspoor geen prognose vir rehabilitasie by die ouers is nie, is langtermynpleegsorg die aangewese versorgingswyse vir die betrokke kind (Human, 1994:104). Langtermynplasing of permanensie in pleegsorg vind plaas wanneer die volgende kriteria bestaan:

- die ouers het onttrek of die kind verlaat;
- die ouers aanvaar nie hul eie aandeel in die probleme nie, aanvaar nie verantwoordelikheid nie, weier behandeling of bied swak samewerking;
- die oortreder, in geval van mishandeling of seksuele misbruik, toon nie berou of erken skuld nie;

- die ouers het nie die vermoë om op behandeling te reageer nie;
- die ouers het nie positief gereageer of enige groei getoon op vorige intervensie oor ‘n lang tydperk nie;
- die probleem is chronies oor ‘n lang tyd en geen stabilisering in hul omstandighede vind plaas nie;
- die kind toon sulke ernstige skade dat die ouers met hul beperkte vermoëns en begrip nie in staat is om remediërend op te tree nie;
- die ouers is persoonlikheidsversteurd, is onrealisties oor hul situasie, is ten spyte van terapie steeds egosentries op eie behoeftebevrediging ingestel, is nie in staat om gebalanseerd en konsekwent in hul kinders se opvoedings- en ontwikkelingsbehoeftes te voorsien nie;
- een of albei ouers is psigoties en daar is nie enige ander persone in die uitgebreide gesinsisteem wat kan sorg vir balans en konsekwentheid nie;
- die ouers kan nie toereikend of selfstandig funksioneer nie en het geen steunstelsel of benut nie ‘n steunstelsel nie; en
- albei se ouers is dood of kan nie opgespoor word nie (*South African National Council for Child and Family Welfare*, 1987:15).

Beplande langtermynpleegsorg bied aan die kind wat nie na sy ouers kan terugkeer nie maar nog stewige bande met hulle het, die geleentheid om benewens die sekuriteit wat hy in die pleeggesin ervaar, ook emosionele bande met sy ouers te behou (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:11).

Volgens die navorser se mening, is dit baie moeilik vir ‘n maatskaplike werker om vooraf te evalueer of ‘n pleegplasing korttermyn of langtermyn gaan wees. Deur die gesinsgeskiedenis van die ouers te ondersoek en die prognose te bepaal, kan moontlike beplanning ten opsigte van die duur van die pleegplasing gedoen word. ‘n Pleegplasing duur vir solank daar ‘n hofbevel is of vir solank dit duur vir die biologiese ouers om te rehabiliteer.

#### 4.3.1.3 Verwante en nie-verwante pleegsorg

Engelbrecht (2002) is van mening dat, aangesien pleegsorg primêr gemoeid is met die kind wat weens sy spesifieke omstandighede nie in sy ouerhuis versorg kan word nie, die kind die sentrale persoon in die pleegsorgstelsel is. Dit is dus noodsaaklik dat die pleegsorgdiens wat gelewer word, geskoei moet wees op die individuele behoeftes van die unieke kind

(Human, 1994:75). Human (1994:75) meen verder dat die behoeftes van die pleegkind bepaal word aan die hand van die kind se ouderdom, die tydsduur waarvoor versorging benodig word, die kind se agtergrond, sy verhouding met sy ouers en familie, asook sy fisiese, psigiese en affektiewe funksionering. Om pleegsorg vir die kind suksesvol te laat verloop, is ‘n taak wat spesialiskennis verg (Fick, 2004).

Twee soorte pleegplasings word onderskei, naamlik verwante pleegsorg en nie-verwante pleegsorg. Met verwante pleegsorg word bedoel dat die kind in pleegsorg geplaas word by ‘n grootouer(s) of by ander familie (Gebel, 1996:6). Ingram (1996:557) omskryf verwante pleegsorg soos volg: "Kinship care may be defined as the full-time nurturing and protection of children who must be separated from their parents by relatives, members of their tribes or clans, godparents, stepparents, or other adults who have a kinship bond with a child.” Verwante pleegouers en pleegkinders het meestal positiewe binding; pleegkinders kan vir lang tye by hulle geplaas word en hulle is familie (Scannapieco & Hegar, 1996:568). Die belangrikste verskil tussen verwante en nie-verwante plasings, is dat in verwante plasings, die familie nie betrokke is by die assessering van watter tipe kind die beste by hulle familie sou inpas nie (Gleeson, 1995:183; Gebel, 1996:6). Die familie ken dus die kind se agtergrond en familiegeskiedenis. Voorkeur word toenemend gegee aan die plasing van kinders in verwante pleegsorg wanneer versorgingsmoontlikhede buite die ouerhuis oorweeg word (Gleeson, 1995:183; Gebel, 1996:6). Hierdie pleegouers word meestal nie ingeskakel by opleiding nie, vanweë die familieverband. Die gevolg is dat hulle onsekerheid kan beleef rakende hul regte, die biologiese ouers se regte, asook hul pleegkind se regte. Dit is dus belangrik dat hierdie pleegouers moet inskakel vir opleiding, om hulle sodoende ten volle voor te berei op hul statutêre verantwoordelikheid ten opsigte van hul pleegkind. Verder word verwante pleegsorg, waarvan daar tans duisende plasings in Suid-Afrika gedoen word, nog dieselfde hanteer as nie-verwante pleegsorg (Scholtz, 2007).

Die navorser is van mening dat pleegsorg egter aangewese is op ouerpare wat bereid en geskik is om as pleegouers vir sorgbehoewende kinders op te tree. Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) soos gewysig, stel egter die vereiste dat voornemende pleegouers aan ‘n keuringsproses onderwerp moet word, alvorens ‘n kind deur middel van ‘n hofbevel in hul sorg geplaas kan word (Fick, 1991:73; De Klerk, 1994:17; Scholtz*,* 1997:2). Die beleid van verskillende welsynsorganisasies, rondom die vereistes waaraan voornemende pleegouers moet voldoen, word in hoofstuk vyf bespreek.

Hierdie studie fokus op beide, verwante en nie-verwante, pleegsorg.

#### 4.3.1.4 Aanneming

Alhoewel aanneming nie werklik deel uitmaak van pleegsorg nie, word dit kortliks bespreek, aangesien sommige pleegplasings wel kan oorgaan in die aanneming van die pleegkind deur sy pleegouers. Aanneming word soos volg deur die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:1) gedefinieer: “Geregtelike reëling waarvolgens die permanente bevoegdheid en verantwoordelikheid van ouerskap ten opsigte van ‘n minderjarige toegeken word.” Volgens Skelton (1998:142), kan aanneming soos volg beskryf word: “Adoption is a formal, legal process that removes parental rights and duties for a child from the child’s previous guardian or guardians and gives those rights and duties to a new person or persons.”

Volgens die *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn* (1990:11), geld aanneming veral vir kinders wat uit hul ouers se sorg verwyder is voordat hulle aan die ouers gebind kon raak en wie se pleegouers hul psigologiese ouers geword het.

## 4.4 PLEEGSORG IN ANDER LANDE

Om ‘n oorsigtelike beeld van pleegsorg te gee, word vervolgens kortliks na pleegsorg in ander lande gekyk, in vergelyking met pleegsorg in Suid-Afrika:

### 4.4.1 Botswana

Volgens Mufune, Mwansa en Osei-Hwedi (1997:21), is Botswana ‘n aangrensende land van Suid-Afrika, Namibië, Zambië en Zimbabwe. Publieke maatskaplike dienste word in hierdie land ook georganiseer en voorsien deur staatsdepartemente. Formele pleegsorg in Botswana behels dat sorgbehoewende kinders in ‘n formele instituut geplaas word, ingevolge hul Kinderwet (1981). ‘n Kind word beskou as enige persoon onder die ouderdom van 14 jaar. Botswana maak hoofsaaklik gebruik van die SOS Children’s Village, waar pleegouers die versorging van ongeveer 10 tot 12 pleegkinders waarneem. Waar moontlik, word gepoog om hierdie kinders in kontak met hul uitgebreide familie te hou.

Mufune, *et al*. (1997:29) meld dat pleegsorg verder beskou kan word as die hervesting of oorplasing van kinders van hul biologiese ouers se sorg, na ander huise waar hulle deur pleegouers versorg word. Dit is tradisioneel vir grootouers, ooms en tantes en ander lede van die uitgebreide familie om kinders in hul sorg te neem, indien hulle van mening is dat daar nie voldoende in 'n kind se versorgingsbehoeftes voorsien word nie. Gesien in die tradisionele konteks, word kinders beskou as persone wat nie net aan die biologiese ouers behoort nie, maar ook aan die uitgebreide familie. Dit is ook natuurlik vir biologiese ouers om hul kinders vir ander ouers te gee, hetsy of hulle familielede is al dan nie. Redes vir sorgbehoewendheid in Botswana kan as volg beskou word:

- verlate kinders;
- weeskinders;
- onbevoegde ouers of voogde;
- betrokkenheid van 'n kind in enige vorm van straathandel;
- verwaarlosing en mishandeling van die kind; en
- gereelde teenwoordigheid van 'n kind by 'n gewelddadige persoon.

'n Maatskaplike werker is ook verantwoordelik vir die lewering van toesigdienste en moet op gereelde basis 'n vorderingsverslag aan die Kinderhof voorsien rakende die verloop van die plasing. 'n Pleegkind kan in enige stadium weer in sy ouers se sorg herstel word sodra sy ouers se omstandighede dit toelaat (Mufune, *et al*., 1997:30).

Pleegsorg in Botswana het baie vergelykings met pleegsorg in Suid-Afrika. Die gronde vir sorgbehoewendheid stem redelik ooreen. Plasings van kinders in familie se sorg, geniet ook eerste oorweging. Toesigdienste deur die maatskaplike werker moet ook geskied en terugvoer word aan die Hof gegee oor die verloop van die plasing. 'n Kind word egter gereken tot op die ouderdom van 14 jaar. Gevolglik kan dit beteken dat kinders tussen die ouderdomme van 15 tot 18 jaar, wat in sorgbehoewende omstandighede woon, nie beskerm kan word nie.

#### 4.4.2 Japan

Die geskiedenis van pleegsorg kan teruggedateer word na die elfde eeu, waar dit algemeen was dat die aristokrasie die sorg van hul kinders toevertrou het aan hul kennisse. Pleegsorg as formele sisteem is gedurende 1907 in gebruik geneem. Na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog in 1945, was daar baie weeskinders wat afhanklik was van

versorging. Op 4 Oktober 1948, het die Vise-Minister van Gesondheid en Maatskaplike Dienste die inhoud van die formele pleegsorgsisteem bekend gemaak. In Japan is pleegouers daardie ouers wat deur die Goewerneur aangewys word as bevoeg genoeg om die versorging van kinders waar te neem. Redes vir die plasing van kinders in pleegsorg, behels grootliks die feit dat hulle verlaat, wees, mishandel of verwaarloos is (Atsumi, 1997:177).

Gedurende Oktober 1954, is die National Foster Parent Association (NFPA) as ‘n nasionale en vrywillige organisasie vir pleegouers gestig. Die National Foster Parent Association se take sluit in om mense oor die pleegsorgsisteem in te lig en om mense te werf wat bereid is om as pleegouers op te tree. Die NFPA onderneem ook navorsing oor pleegsorg en gee ook ondersteuning aan pleegouers en pleegkinders (Atsumi, 1997:195).

Pleegsorg in Japan stem ook baie ooreen met pleegsorg in Suid-Afrika, in díe sin dat gronde vir sorgbehoewendheid dieselfde is. Pleegouers word ook vooraf gekeur en kinders word in pleegsorg geplaas deur die Goewerneur. Dit is egter opvallend dat Japan oor ‘n formele en gestruktureerde vereniging vir pleegouers beskik wat hom daartoe verbind om werwing van pleegouers te doen, navorsing te doen en die nodige ondersteuning te bied. Hierdie Vereniging bestaan uit vrywilligers wat die kwessie van mannekrag om hierdie take uit te voer, aanroer. Suid-Afrika sal kan baatvind by so ‘n nasionale vereniging, wat aan elke welsynsorganisasie gekoppel is sodat pleegsorgdienste gekoördineer kan word. ‘n Opleidingsprogram vir voornemende pleegouers kan ook by so ‘n vereniging geregistreer word.

### 4.4.3 Verenigde State van Amerika (VSA)

Die Verenigde State van Amerika bestaan uit 48 aangrensende state, met Washington DC as hoofstad. Die VSA word in die ooste begrens deur die Atlantiese Oseaan, in die noorde deur Kanada, en in die suide deur Mexiko. In die Verenigde State van Amerika (VSA) word van die term ‘familie pleegsorg’ gebruik. Familiepleegsorgdienste is ‘n diens wat deur die staat, ‘n persoon of die Maatskaplike Diensagentskap, gelewer word aan ‘n kind wat nie meer in sy ouers se sorg verkeer nie. Die fokus is hier ook om die kind eerder in uitgebreide familie se sorg te plaas (Mayers Pasztor & Barbell, 1997:253).

In al die jurisdiksies word ook van organisasies gebruik gemaak wat vrywillige pleegsorgdienste lewer en bestaan uit ‘n groot diversiteit, naamlik:

- residensiële behandelingsentrums wat met oor die 200 kinders werk volgens 'n spesifieke behandelingsprogram;
- 'n enkele gesin mag hul eie 'agentskap' stig en bestuur, wat minder as ses kinders akkommodeer;
- 'n agentskap kan 'n verskeidenheid van dienste lewer, byvoorbeeld gesinsterapie, residensiële en groepversorging asook aanneming; en
- 'n familie pleegsorgagentskap mag in 'n dosyn (12) gemeenskappe binne 'n staat bedryf word, of oor 'n dosyn state oor die land (Mayers Pasztor & Barbell, 1997:253).

'n Kind word in familiepleegsorg geplaas weens emosionele en gedragsprobleme wat by hom voorkom, weens fisiese en emosionele verwaarlosing en mishandeling, alkohol- en dwelmprobleme, seksuele misbruik en wanneer die kind deur sy ouers verlaat is of wees is. 'n Kind verkeer in pleegsorg totdat hy na sy ouers se sorg kan terugkeer of volwassenheid bereik (Mayers Pasztor & Barbell, 1997:254).

Pleegsorg in die VSA stem ook redelik ooreen met pleegsorg in Suid-Afrika, deurdat kinders grootliks in familie se sorg geplaas word nadat hulle sorgbehoewend bevind is. In die VSA kan vrywilligers registreer as agentskappe wat pleegsorgdienste lewer. Pleegsorg behels plasing van kinders in formele inrigtings of in gesinne wat as eie agentskap geregistreer is. Pleegsorg duur vir solank die kind nie na sy ouerhuis kan terugkeer nie of tot die kind volwassenheid bereik. Dit blyk dat pleegsorg ook gestruktureerd is, maar die vraag ontstaan tog wie toesien dat die agentskappe (pleeghuise) die nodige dienste lewer.

### 4.4.4 Engeland

Kinders word in Engeland in pleegsorg geplaas ingevolge die Children Act (1989). Daar word altyd gepoog om kinders so na as moontlik aan hul ouers te plaas. Kinders word as sorgbehoewend gesien wanneer hulle deur hul ouers mishandel of verwaarloos word, verlaat word of emosionele en gedragsprobleme het. Die kinders kan in familie se pleegsorg geplaas word, by pleegouers met geen familieverband of in residensiële sorg. Die kind verkeer in pleegsorg totdat hy kan terugkeer na sy ouers se sorg of volwassenheid bereik. Daar word baie sterk gefokus op gesinsherenigingsdienste en nasorgdienste indien die kind wel in sy ouers se sorg teruggeplaas word (Ryan, 1994:179-187). Selfs na die verwydering van 'n kind, behou die ouers nog sekere verantwoordelikhede rakende die versorging van hul kind. Hierdie verantwoordelikhede verskil van mekaar en word in oorleg met die

maatskaplike werker of die staatsdepartement vasgestel. Dit is ook die taak van die maatskaplike werker om toe te sien dat hierdie verantwoordelikhede deur die biologiese ouers nagekom word (Selleck & Thoburn, 1997:239).

Die National Foster Care Association (NFCA) is in 1874, gestig met die doel om alle betrokkenes by pleegsorg, te verenig. Lidmaatskap sluit ook plaaslike bestuur, vrywillige organisasies, pleegouers, pleegkinders en dienslewerende agentskappe in. Die NFCA voorsien grootskaalse opleidingsprogramme, gee publikasies uit, beskik oor ‘n nasionale hulplyn, lewer ondersteuningsdienste en voorsien ook finansiële versekeringsdienste (Selleck & Thoburn, 1997:244).

Pleegsorg in Engeland stem baie ooreen met pleegsorg in Suid-Afrika, deurdat plasing van sorgbehoewende kinders in pleeggesinne (verwant en nie-verwant), asook in inrigtings aanbeveel word. Daar word baie sterk gefokus op hereniging van die betrokke kind met sy biologiese ouers en die biologiese ouers word deurlopend betrek by ‘n behandelingsprogram. Engeland beskik ook oor ‘n formele en gestruktureerde vereniging wat alle dienste aan pleeggesinne lewer en ook inligting op deurlopende basis deurgee. Die navorser is van mening dat so ‘n Vereniging (soos ook in Japan gestig) baie waardevol kan wees in Suid-Afrika, om pleegsorg as formele versorging vir pleegkinders te ontwikkel, te ondersteun en uit te brei.

## 4.5 DIE WET OP KINDERSORG, 1983 (WET 74 VAN 1983)

Die verwydering van kinders uit ouerlike sorg, is in alle gevalle ‘n statutêre handeling (*South African National Council for Child and Family Welfare*, 1987:130; Human, 1994:71). Dit beteken dat ‘n kinderhof daarvoor verantwoordelik is om ‘n kind sorgbehoewend te verklaar volgens die gronde van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983). ‘n Kinderhof kan omskryf word as: “… ‘n hof wat vir ‘n bepaalde gebied ingestel is om ondersoek te doen na en beslissings te gee oor aangeleenthede rakende die beskerming en welsyn van kinders” (Swanepoel & Wessels, 1992:a1; *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:32). Daar word na die landdros wat sitting in ‘n kinderhof het, verwys as ‘n Kommissaris van Kindersorg wat aangestel is om bepaalde pligte kragtens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) in sy regsgebied te onderneem (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk,* 1995:34; Skelton, 1998:129).

Die gronde waarop 'n kind sorgbehoewend bevind word, asook verdere bepalings van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) is in hoofstuk drie onder punt 3.3.1 uiteengesit.

Volgens Schaefer, Horejsi en Horejsi (1997:400), moet die plasingsopsies vir 'n kind nadat hy sorgbehoewend bevind is, geskoei word op die volgende punte, alvorens 'n besluit ten opsigte van die sorgbehoewende kind se plasing geneem kan word:

- indien 'n kind in pleegsorg geplaas word, moet dit slegs gedoen word om die kind van gevaar te vrywaar;
- 'n kind moet, waar moontlik, in die mins moontlike beperkende situasie geplaas word; dit is belangrik dat die kind en die ouers, waar moontlik, deelneem in die plasingsbesluit van die kind en dat die ouers behulpsaam is rakende die voorbereiding van die kind op die voorgenome plasing;
- pogings om die beskerming van die kind te verseker, moet daarop fokus om die minste ontwrigting vir beide die kind en sy ouers te veroorsaak; en
- die kind se kulturele agtergrond en godsdienstige oortuigings moet in ag geneem word tydens plasing.

Die navorser meen dat die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die welsyn van die kind, die erkenning van die regte van die kind vereis (soos in hoofstuk drie onder punt 3.5 bespreek).

Die navorser is van mening dat indien 'n maatskaplike werker dit oorweeg om 'n kind te verwyder, moet die maatskaplike werker evalueer of die kind veilig is in sy eie huis. Dit is dus ook nodig om te bepaal watter verdere dienste gelewer moet word en watter alternatiewe versorging vir die kind gereël moet word. Die betrokke maatskaplike werker het dus nodig om 'n assessering van risiko te doen, en dit word vervolgens onder punt 4.5.1 bespreek.

### 4.5.1 Assessering van risiko

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:4) beskryf assessering soos volg: "Proses van ontleding van die faktore wat die individu, gesin, groep (2) of gemeenskap se maatskaplike funksionering beïnvloed of bepaal." Dit is dus nodig om soveel moontlik inligting oor die gesin te versamel sodat verdere optrede deur die maatskaplike werker,

bepaal kan word. Volgens Schultz (2002:66), kan die volgende vraag gestel word: Is die *gesin* in 'n krisis of die *kind*? Dit is dus belangrik om te bepaal of die gesin se probleme as geheel hanteer kan word waar die kind se veiligheid as individu nie in gedrang is nie.

#### 4.5.2 Voorkomingsdienste

Indien die gesin as geheel probleme ervaar, kan intensiewe voorkomingsdienste gelewer word. Volgens die *Department of Welfare* (1998:3), kan voorkomingsdienste soos volg beskryf word: "The initial aim of prevention is the preservation of family life by means of rendering effective, preventative, developmental and social welfare services". Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:69) definieer voorkomingsdienste soos volg: "Dienste vir die vroegtydige identifisering, beheer en verbetering van toestande wat maatskaplike funksionering kan belemmer."

Volgens die *Department of Welfare* (1998:4), moet die maatskaplike werker oor die nodige kennis beskik rakende die gesin as die natuurlike omgewing waarin 'n kind versorg word. Die maatskaplike werker moet dus oor die vaardigheid beskik om te kan bepaal of daar voldoende in die kind se ontwikkelingsbehoeftes voorsien word. Die *Department of Welfare* (1998:4) meen verder dat, as voorkomingsdienste onsuksesvol is, die volgende stappe gevolg moet word:

- statutêre optrede is onafwendbaar;
- moontlike plasing van die kind in alternatiewe sorg;
- so 'n plasing word deurlopend geëvalueer om te bepaal of die plasing steeds in die beste belang van die kind is; en
- herstel van die kind in sy ouers se sorg, is die uiteindelike doel, indien die ouers se omstandighede dit toelaat.

Die *Department of Welfare* (1998:9) meen verder dat die volgende faktore in ag geneem behoort te word wanneer 'n plasing vir 'n kind ondersoek word:

- daar moet duidelike en aanvaarbare redes vir die plasing wees;
- assessering ten opsigte van die kind se ontwikkelingsbehoeftes moet gedoen word, om sodoende die beste plasing vir die kind te kan bepaal;
- 'n behandelingsplan moet opgestel word; en

➢ beide die kind en sy biologiese ouers moet voldoende op die plasing voorberei word.

Die navorser meen dat voorkomingsdienste ‘n aanvang neem wanneer ‘n risikogesin geïdentifiseer is en intensiewe dienste aan hierdie gesin gelewer word om die verwydering van die kind uit ouerlike sorg na alternatiewe sorg, te voorkom. Dit is dus nodig dat die maatskaplike werker oor voldoende inligting beskik rakende die gesin en sy individuele gesinslede.

**4.5.3 Krisishantering**

‘n Krisis dui op die ontwrigting van die emosionele ewewigtigheid of gevestigde lewenswyse van ‘n individu of groep (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk,* 1995:33). Indien die kind in ‘n krisis verkeer, word geïmpliseer dat die gesin nie die kind kan beskerm nie. In hierdie geval, kan statutêre intervensie plaasvind (Schultz, 2000:38). Statutêre maatskaplike werk kan, volgens die *Nuwe Woordeboek in Maatskaplike Werk* (1995:61), gedefinieer word as: “Gespesialiseerde gebied in die maatskaplike werk wat gerig is op die verbetering van die maatskaplike funksionering van individue, gesinne en gemeenskappe deur administratiewe prosedures toe te pas wat voorgeskryf is deur ‘n geskrewe wet van ‘n wetgewende liggaam.”

Statutêre intervensie ondersteun twee kategorieë van gevalle wat in die Kinderhof kan verskyn, naamlik gevalle waar voorkomingsdienste gefaal het en gevalle waar daar krisis bestaan het. In hierdie gevalle is die kind uit sy ouers se sorg verwyder deur middel van ‘n hofbevel (*Department of Welfare*, 1998:4).

Kohli en Dutton (1996:88) meen dat die maatskaplike werker die primêre rol vervul by die verwydering van ‘n kind uit sy ouers se sorg. Die maatskaplike werker moet kan bewys dat sy gepoog het om die gesin te help, voordat die kind verwyder is. Dit is ook nodig dat die werker die ouers en die betrokke kind inlig oor hul regte. Huntington (2000:279) meld: “The role of statutory social workers is particularly difficult in such complex and changing environments given that they are routinely presented by the media as fools and wimps or villains and bullies.”

Volgens Palmer (1995:54), moet die maatskaplike werker die verwydering van ‘n kind uit sy ouers se sorg, so sensitief moontlik hanteer en soveel moontlik ondersteuning uit die kind se omgewing vir hom daarstel. Dit gebeur maklik dat die werker, weens gebrek aan tyd en

vaardigheid, nie die kind se gevoelens hanteer nie. Die werker behoort dus, waar moontlik, die biologiese ouers ook aan te moedig om die kind voor te berei op die verwydering.

McDonald (1999:74) noem dat assessering van risiko nie slegs daarop gefokus moet wees om toekomstige risiko te bepaal nie, maar dat dit ook die huidige en voortdurende risiko in ag moet neem.

#### 4.5.4 Bepaling van risikofaktore

Assessering van risiko sluit in die evaluering van die kind en sy gesin se huislike omstandighede volgens 'n stel eksplisiete risikofaktore, soos sosio-demografieë, kinderbiografieë en die intensiteit en langdurigheid van insidente. Elke faktor moet geëvalueer word om te bepaal of die bewyse van risiko hoog, medium of laag is. Die inligting wat 'n maatskaplike werker versamel rakende hierdie risikofaktore, het ten doel om die tipe mishandeling en/of verwaarlosing te identifiseer en te voorspel, die korrekte intervensiemetode te bepaal, die soort dienslewering te bepaal en die moontlikheid van herhaling van insidente te voorspel (McCurdy, 1995:80; McMillan, 2000:702). Dit is dus belangrik dat die maatskaplike werker soveel moontlik inligting moet insamel. Die werker se rol is hier daarop gefokus om gapings in die gesin se geskiedenis, hul funksionering en gedragspatrone te ondersoek en te evalueer (Palmer, 1995:54).

Die navorser is van mening dat daar nie enige meetinstrumente bestaan waarmee risikofaktore geïdentifiseer kan word nie. Die gronde vir die bevinding van sorgbehoewendheid van kinders volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), word as maatstaf gebruik. Die leemte is egter daarin geleë dat verskillende maatskaplike werkers dit verskillend kan interpreteer. Indien die risikofaktore geïdentifiseer is, en 'n kind dus wel uit sy ouers se sorg verwyder moet word, kan dit wel gebeur dat die verskillende plasingsopsies in belang van die kind nog nie ondersoek is nie. Die gevolg is dat 'n kind in tydelike alternatiewe versorging geplaas moet word, terwyl die ondersoek nog hangend is.

#### 4.5.5 Plek van veiligheid

Volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), is 'n veiligheidsplek 'n plek wat opgerig en geskik is vir die ontvangs van 'n kind en waartoe die eienaar, okkupeerder of persoon in beheer daarvan, bereid is om die kind toe te laat (Government Gazette, 1983:7).

Skelton (1998:130) beskryf ‘n plek van veiligheid soos volg: “A place of safety is any suitable place for the temporary care of a child until the outcome of the inquiry. It is intended for temporary and short-term accommodation of children only.” Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:65) meen dat ‘n veiligheidsplek ‘n residensiële fasiliteit is wat kragtens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) opgerig is, of enige ander geskikte plek vir die tydelike opneming, versorging en behandeling van kinders of ander persone wat by hofverrigtinge betrokke is, in afwagting van ‘n vaste reëling. Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) beskryf plek van veiligheid as tydelike veiligheidsorg en behels dit die volgende: “…care of a child in an approved child and youth care centre, shelter or private home or any other place, where the child can safely be accommodated pending a decision or court order concerning the placement of the child, but excludes care of a child in a prison or police cell” (Government Gazette, 2006:28).

Indien dit blyk dat ‘n kind in gevaar (volgens die gronde van die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983) verkeer, kan daardie kind deur ‘n polisiebeampte of maatskaplike werker, uit sy ouers se sorg verwyder word en in plek van veiligheid geplaas word, sodat kinderhofverrigtinge gereël kan word. Indien die ouers nie beskikbaar is nie, moet hulle so gou moontlik ná die verwydering van die betrokke kind, daarvan in kennis gestel word (Hutchings, Jacobs & Gildenhuys, 1997:168).

Ingevolge Art 14(3) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), kan die kinderhofondersoek vir nie meer as 14 dae per keer nie, uitgestel of verdaag word, terwyl die kind in plek van veiligheid aanbly (Government Gazette, 1983:19). Die maatskaplike werker moet deurlopend motiveer hoekom die ondersoek langer duur. Uitgerekte aanhoudings moet te alle tye vermy word vanweë die feit dat dit verdere spanning en langdurige onsekerheid by die ouer en kind veroorsaak (Swanepoel & Wessels, 1992:40). Volgens Hitchcock (2006), kan ‘n kind in ‘n veiligheidsplek aangehou word van die opening van kinderhofverrigtinge tot met die finale plasing van die kind.

Ten opsigte van ‘n plek van veiligheidsplasing, word voorkeur verleen aan huisvesting binne gesinsverband, eerder as inrigtingsorg. Soos vermeld, is ‘n plek van veiligheid slegs tydelike versorging weg van die ouers af, terwyl die kinderhofondersoek steeds hangend is. ‘n Ouer word deur die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:48) beskryf as ‘n vader of moeder van ‘n kind. ‘n Veiligheidsouer is dus ‘n ouer of ‘n ouerpaar wat bereid is om die versorging van ‘n kind wat uit sy ouers se sorg verwyder is, op ‘n tydelike basis waar te

neem, vir solank as wat die kinderhofondersoek hangend is. ‘n Hulpbron is ‘n middel of ‘n diens wat gemobiliseer en instrumenteel aangewend kan word om ‘n behoefte te bevredig, ‘n maatskaplike probleem te bekamp of maatskaplike funksionering te bevorder (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk,* 1995:27). Welsynsorganisasies kan dus oor hul eie gekeurde en opgeleide veiligheidsouers beskik wat as hulpbronne benut word tydens die plasing van ‘n kind (Fick, 1991:69).

Kohli en Dutton (1996:99) meld dat die rol van die maatskaplike werker tydens die veiligheidsplasing van ‘n kind, gefokus moet wees op die voortsetting van lewering van dienste. Hierdie plasing kan vir die kind vergemaklik word deur aan die kind vooraf inligting oor die veiligheidsplek te bied. Die maatskaplike werker se taak behels verder om aan die ouers deurlopend die nodige inligting te gee rakende die verloop van die ondersoek terwyl die kind in hierdie tydelike plasingsposisie verkeer. Die maatskaplike werker het verder die verantwoordelikheid om die kind op hoogte te hou van die ondersoek rakende sy toekomstige plasing. Besoeke of kontak behoort gereël te word, sodat die kind georiënteer kan word ten opsigte van die kinderhuis of sodat hy sy voornemende pleegouers kan ontmoet (*Department of Welfare*, 1998:9). Die maatskaplike werker het verder die taak om volgehoue kontak tussen die kind en sy ouers te inisieer en aan te moedig (Palmer, 1995:54).

‘n Eie mening is dat die veiligheidsplasing van ‘n kind ‘n belangrike deel van die proses van die kinderhofondersoek uitmaak. Hierdie plasing geskied voordat die kinderhofondersoek gefinaliseer word, en gee aan die ondersoekende maatskaplike werker die geleentheid om die kind se behoeftes te evalueer, asook om die kind in te skakel vir die nodige evaluering en sielkundige berading. Indien ‘n maatskaplike werker dit dus oorweeg om ‘n kind te verwyder, moet die maatskaplike werker evalueer of die kind veilig is in sy eie huis. Dit is dus ook nodig om te bepaal watter verdere dienste gelewer moet word en watter alternatiewe versorging vir die kind gereël moet word, indien die kind uit sy ouers se sorg verwyder word.

## 4.6 DIE PLEEGKIND IN SUID-AFRIKA

Die pleegsorgbevolking in Suid-Afrika het sedert 1998 meer as verdubbel. Die pleegkinders word meestal deur familie, veral die materne grootmoeder, versorg (Allsopp & Thumbadoo,

2005; Blunden, 2005:77; Bass, 2006). Mason en Linsk (2002:541) verduidelik die rede vir die skerp toename in verwante pleegsorg: "The HIV epidemic is one of the reasons for an increase in relative foster care." Die meerderheid kinders het hul moeder weens natuurlike oorsake soos MIV/VIGS en aanverwante siektes verloor. Mengel (2003:4) meld die volgende: "It is estimated that by the year 2005, the number of children orphaned by AIDS may reach a startling million. Orphans are perhaps the most tragic and long-term legacy of the HIV/AIDS epidemic." Volgens Snyman (2003), word bevind dat ongeveer 20% van alle kinders in Suid-Afrika onder die ouderdom van sewe jaar nie meer by een van hul biologiese ouers woon nie. Volgens Human Rights Watch (2005:1-3), word baie kinders sonder ondersteuning vir hul opvoeding gelaat, na die afsterwe van een of beide ouers. Kinders wat wees gelaat is na die afsterwe van hul ouers weens MIV/VIGS, verlaat ook die skool om na hul jonger broers en susters om te sien.

Levy en Orlans (1998:211) is dus van mening dat die pleegsorgbevolking in Suid-Afrika en die buiteland met die volgende stresverwante faktore saamleef:

- ontoereikende fondse en beperkte hulpbronne om in pleegkinders en pleegouers se behoeftes te voorsien;
- 'n toename in die emosionele en mediese behoeftes van pleegkinders en pleegouers;
- 'n toename in gevalleladings, uitbranding en ontoereikende fondse en salarisse by welsynsorganisasies;
- 'n gebrek aan ondersteuning van en opleiding aan pleegouers; en
- lang afstande na hulpbronne.

Volgens die International Save the Children Alliance (2001:9), asook Robertson en Donaldson (2005), word die omstandighede vir kinders wêreldwyd al erger, weens die gebrek aan metodes om armoede te verminder of te voorkom. Daar word verder genoem dat die demografiese patrone uitwys dat die hoeveelheid kinders wat tans op aarde leef, die hoogste ooit is, met 'n hoër ratio van kinders teenoor volwassenes. Daar is dus minder geleenthede vir opleiding, met 'n tekort rakende voldoende gesondheidsorg. Volgens die navorser het dit tot gevolg dat die gevallelading van maatskaplike werkers dus noodgedwonge moet verhoog, sodat dit moeilik is om in die spesifieke behoeftes van elke individu te voorsien.

Kinders wat in die pleegsorgstelsel opgeneem word, is gewoonlik aan baie risiko's blootgestel (Levy & Orlans, 1998:211). "Deprivation is a common factor among all types of children who enter care" (*Department of Health,* 1991:6). Hierdie risiko's sluit die volgende in: armoede, hongersnood, gebrek aan pre-natale versorging, alkohol- en dwelmmisbruik, misdaad, gesinsgeweld, angs, mishandeling, seksuele misbruik, verwaarlosing, verlating en die dood van 'n ouer of versorger (Blunden, 2005:78). Scholtz (1997:1) stem saam, en noem: "Due to factors such as poverty, unemployment, family breakdowns and an increase in the spread of HIV/AIDS has led to more abandoned babies and child abuse/neglect and has put a strain on government resources" (*Department of Social Development,* 2006:3).

Die navorser is verder van mening dat by statutêre optrede volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), hoofsaaklik van die standpunt af uitgegaan word dat dienslewering gefokus is op die kind en sy beveiliging.

## 4.7 DIE FILOSOFIE VAN PLEEGSORG

Scholtz (1997:1) meld dat die filosofie van pleegsorg op twee basiese beginsels geskoei is, naamlik:

- pleegsorg is 'n belangrike kinder- en gesinsdiens vir kinders en hul gesinne wat op kort- of langtermyn nie bymekaar kan woon nie, weens mishandeling of verwaarlosing deur die betrokke kinders se ouers; en
- pleegsorg voorsien alternatiewe versorging in 'n familiemilieu vir kinders wie se ouers steeds emosioneel en wettig met hul kinders gebind wil wees en wie se ouers ook permanent betrokke is by hul kinders se versorging, waar die ouers weens verskeie redes, nie self die verantwoordelikheid van hul kinders se versorging kan waarneem nie.

Volgens die *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn* (1990:5-10), sentreer die ernstigste probleme in die huidige pleegsorgstelsel rondom kinders wat uit hul ouers se sorg verwyder is, voordat behoorlik beplan is vir of besin is oor die doel en duur van die pleegsorgplasing of die dienste wat nodig is om hul herstel in ouerlike sorg te bewerkstellig. Die gevolg is dat 'n groot aantal kinders, ouers en pleegouers ernstig benadeel word deur die voortsleur van onbeplande langtermynpleegsorg. Teen hierdie agtergrond, is die volgende filosofie van pleegsorg geformuleer, en word dit vervolgens bespreek:

### 4.7.1 Die natuurlike bande tussen ouer en kind

Die religieuse en morele belangrikheid van die natuurlike bande tussen ouer en kind moet erken word en mag nie versteur word nie, tensy die kind in omstandighede verkeer waar sy fisiese, psigiese, emosionele en morele gesondheid of welstand ernstig geskaad word of die dreigende gevaar daartoe, bestaan. Voortgesette versorging binne die kind se eie gesin is dus die sentrale doelwit van enige maatskaplike bemoeienis met die gesin (Plumer, 1992:100). Dit is die kind se reg om deur sy ouers onderhou en versorg te word. Dit is dus ook die ouer se voorreg, reg en plig om sy kind te onderhou en aan hom die bes moontlike versorging waartoe hy in staat is, te bied (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:5; Human, 1994:69;).

Die navorser meen dat die rasionaal ten aansien van hierdie uitgangspunt, moet fokus op die versekering van die kind se geborgenheid, stabiliteit en veiligheid in 'n ouerhuis. Dienste met die oog op behoud van die gesinseenheid moet dus 'n hoë prioriteit geniet. Verwydering van die kind uit ouerlike sorg moet as 'n laaste ingryping beskou word, wanneer alle vorms van hulpverlening beproef is en gefaal het en die ouerhuis vir die kind as sodanig, 'n bedreiging inhou.

### 4.7.2 Terugplasing van die kind by die biologiese ouers

Dit is belangrik dat sekerheid moet bestaan dat die terugplasing van 'n kind by sy biologiese ouers of voog, die kind se fisiese, emosionele of morele gesondheid of welstand ernstig sal benadeel. Wanneer 'n kind in pleegsorg verkeer, word gesinsherenigingsdienste by die ouers gelewer sodat terugplasing van die kind in sy ouers se sorg, in die toekoms kan plaasvind. Gesinsherenigingsdienste word onder punt 4.10.2 bespreek.

Human (1994:91) meen dat maatskaplikewerk-dienslewering moet fokus op die terugplasing van kinders by hul ouers; daarom word veronderstel dat gesinsherenigingsdienste by die ouers sal voortduur tot sodanige terugplasing geskied het, of totdat die kind 18 jaar oud geword het en nie meer onder die Wet op Kindersorg ressorteer nie (Plumer, 1992:100).

Dit is egter die navorser se mening dat dit moeilik is om 'n werklike evaluering van die ouers se ouerlike potensiaal en prognose te bepaal. Dit is dus moeilik om die moontlikhede vir die herstel in ouerlike sorg te bepaal. Maatskaplike werkers glo ook dat hulle volgehoue pogings moet aanwend om die kinders se herstel in ouerlike sorg te bewerkstellig, selfs waar dit as

gevolg van tydsverloop, nie meer in belang van die kind sal wees nie. Wetgewing maak ook nie voorsiening vir die beëindiging van die lewering van gesinsherenigingsdienste aan die biologiese ouers nie.

#### 4.7.3 Verantwoordelikheid van die staat na verwydering van kinders

Die staat gebruik sy mag om in te gryp en die natuurlike bande tussen ouer en kind, al is dit op tydelike basis, te onderbreek of te verbreek. Die staat moet dus die verantwoordelikheid aanvaar vir:

- die welsyn van die kind terwyl hy van sy biologiese ouers geskei is;
- die uitskakeling, indien moontlik, van die oorsake of toestande wat aanleiding gee tot die verbreking van die natuurlike bande;
- die herstel van die kind in die bewaring van sy biologiese ouers sodra dit veilig is vir so 'n stap; en
- die voorsiening van geskikte en permanente substituutsorg vir die kind, waar sodanige herstel in ouerlike sorg nie verenigbaar is met die welsyn van die kind nie (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:6; Human, 1994:71; Ryan, 1994:3-4).

Volgens die United Nation's Children Fund (UNICEF, 1989:2), behels die regte van kinders dat hulle die reg het op aanvaarding en liefde, voldoende voeding en gesondheidsorg, vrye toegang tot opleiding en opvoeding, 'n eie identiteit en om teen enige vorm van mishandeling, verwaarlosing en seksuele uitbuiting beskerm te word (reeds bespreek in hoofstuk drie). Die staat neem dus die toereikende versorging van die kind op homself solank die ouer daarvoor onbevoeg is. Daar rus ook 'n verantwoordelikheid op die staat om die natuurlike bande tussen 'n kind en sy ouers in stand te hou (Snyman, 2003). Om hierdie rede, handhaaf die hof die beleid dat dienste aan die ouers voortgesit moet word vir die duur van die hofbevel (Swanepoel & Wessels, 1992:15). Die klem word hier juis daarop geplaas dat die ouer die natuurlike reg en verpligting het om sy kind te versorg, dat die bevel dus nie permanent van aard is nie en dat die kind wat uit sy ouer se sorg verwyder is, weer so spoedig moontlik kan terugkeer (Nel, 1994:109). Op die gebied van kindersorg word dus algemeen aanvaar dat die beste permanente plek vir die kind in die sorg van sy biologiese ouers is (De Bruyn, 1984:227; Human, 1994:69).

Indien dit dus nie vir die biologiese ouers moontlik is om die betrokke kind verder te versorg nie, is dit die verantwoordelikheid van die staat om toe te sien dat alternatiewe versorging vir

die kind getref word (Scholtz, 1997:4). Die staat betaal ook op maandelikse basis 'n pleegkindtoelaag aan pleegouers uit (De Koker, *et al.*, 2006:663). Pleegsorg as een van die wyses van substituutsorg waarop vir die veilige bewaring van 'n kind voorsiening gemaak word, maak die kern van hierdie studie uit.

Die navorser is van mening dat die staat die toereikende versorging van die kind op homself neem solank die ouer onbevoeg daarvoor is. Die feit dat die staat verantwoordelikheid aanvaar vir die welsyn van die kind, vereis die erkenning en handhawing van die regte van die kind, die beskerming van die kind se identiteit en die verantwoordelikheid om die kind in sy ouers se sorg te herstel.

#### 4.7.4 Betrokkenheid van al die partye wat gemoeid is

Ingryping ingevolge die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) soos gewysig, maak inbreuk op die natuurlike regte van en verpligtinge van al die verskillende partye wat betrokke is. Dit word vervang deur ander regte en verpligtinge, daarom is dit noodsaaklik dat hulle samewerking verkry word deur:

- al die partye in te lig oor die redes vir die inbreuk op hul natuurlike regte, en dus die geleentheid gegun te word om dit te betwis;
- al die partye te raadpleeg en toe te laat om deel te hê aan die bepaling van die regte en/of verpligtinge wat hul natuurlike regte en verpligtinge sal vervang; en
- al die partye in te lig oor die voorwaardes vir die herstel van hul natuurlike regte, indien slegs 'n tydelike onderbreking van die partye se natuurlike regte en verpligtinge beoog word (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:7; Fourie, 1999:19).

Die navorser is van mening dat, indien al die betrokke partye saam kan beplan aan dienslewering, die verskuiwing vir die kind vergemaklik sal word. Dit kan ook duidelik uiteengesit word deur 'n skriftelike ooreenkoms op te stel wat bogenoemde bevat en aan die betrokke partye te oorhandig. Dit kan gereeld gebeur dat ouers en kinders laat blyk dat hulle nie die inligting kan onthou nie of nooit ontvang het nie. Vanweë emosionele trauma, is dit vir die kind ook moeilik om inligting wat deurgegee word, te verwerk en te onthou.

### 4.7.5 Inhoud van die hofbevel

Die inhoud van die hofbevel, soos uitgereik ingevolge Artikel 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983), moet verseker dat al die partye behoorlik ingelig word oor hul regte en verpligtinge. Dit is dus belangrik dat die hofbevel die volgende aangeleenthede moet uiteensit:

- die doel van die plasing;
- die duur van die plasing, wat nie langer as twee jaar mag wees nie;
- die rol en aard van kontak met maatskaplike werkers;
- die omvang en aard van kontak met die biologiese gesin gedurende pleegplasing;
- die datum waarop die plasing aan formele hersiening onderworpe sal wees; en
- die voorwaardes waarop die kind herstel sal word in die sorg van sy natuurlike ouers, tensy daar faktore bestaan wat aandui dat terugplasing skadelik vir die kind sal wees (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:8).

Volgens die navorser, word nie alle bogenoemde inligting in hofbevele uiteengesit nie, maar dit word wel in die hofnotule volledig uiteengesit. Die ouers het egter nie toegang tot die hofnotules nie. Die navorser ondersteun die siening dat bogenoemde inligting wel op die hofbevel wat aan die ouers voorsien word, uiteengesit word, aangesien dit duidelikheid aan die betrokke partye sal gee en ook sal bydra tot doelgerigte en beplande dienslewering deur die maatskaplike werker.

## 4.8 DIE WERWING, KEURING EN OPLEIDING VAN VOORNEMENDE PLEEGOUERS

Aangesien hierdie studie nie ten doel het om werwing en keuring van voornemende pleegouers te ondersoek nie, word die aspek van werwing en keuring slegs vir volledigheid bespreek.

Volgens die *Departement van Gesondheid en Welsyn* (1982:9), is dit ‘n probleem vir welsynsorganisasies om geskikte en gewillige pleegouers vir sorgbehoewende kinders te vind. Die gebrek aan suksesvolle werwingsmetodes veroorsaak gevolglik ‘n tekort aan gekeurde pleegouers (*South African National Council for Child and Family Welfare*, 1987:98; L. Smith, 1996:6). Dit kan dus gebeur dat deeglike keuring van voornemende pleegouers nie plaasvind nie, en onoordeelkundige plasings van pleegkinders vind dus plaas (L. Smith,

1996:61). Dit kan daartoe lei dat die plasing om verskeie redes kan misluk, sodat die betrokke kind weer na ander alternatiewe versorging moet verskuif. Fahlberg (1994:190) meld:

> … we know that multiple moves interfere with meeting the child's most basic need for continuity of relationships. Multiple moves in the preschool-aged child have a particularly detrimental effect on long-term adjustment. Because of the harm of multiple moves, a primary responsibility of the social worker is to minimise the number of moves that the child faces.

L. Smith (1996:27) meld die volgende: "Indien keuring verkeerd of net oppervlakkig gedoen is, word die kind die proefkonyn wat moet aandui of die pleegouer geskik is en kan dit tot die mislukking van die plasing lei." De Klerk (1994:17) meld dat die keuring van voornemende pleegouers 'n komplekse taak is. Fick (1991:75) meld dat pleegouers, soos ander persone, van mekaar verskil ten opsigte van hul motivering, ouerskapsvaardighede, vermoë om die pleegkind se status en gesin van herkoms te aanvaar, asook hul verwagtings ten opsigte van die pleegkind en die welsynsorganisasie. Die navorser is dus van mening dat die belangrikheid van keuring en opleiding van voornemende pleegouers nie genoeg beklemtoon kan word nie.

Uit navorsingstukke onderneem deur De Klerk (1994:19), Hill (1999:249), asook die *Department of Social Development* (2006:5), blyk dit dat pleegouers oor die volgende eienskappe moet beskik:

- realistiese verwagtinge en begrip van die pleegouerrol;
- hegte en stabiele gesinsverhoudings moet in die voornemende pleeghuis bestaan;
- geen ernstige persoonlikheidsafwykings moet in die voornemende pleeggesin voorkom nie;
- selfkennis en selfaanvaarding;
- liefde en begrip vir kinders;
- suiwer motiewe ten opsigte van pleegouerskap;
- bestendigheid;
- onbaatsugtigheid en gemeenskapsbetrokkenheid;
- bereidheid om leiding te ontvang en saam te werk met alle persone wat die kind se belange moet behartig;
- die vermoë en bereidwilligheid om die biologiese ouers se rol en betrokkenheid te begryp en aan te moedig;
- die vermoë om 'n goeie ouer-kind-verhouding op te bou en te handhaaf;

- godsdienstige meelewendheid; en
- die voornemende pleegouers moet daartoe in staat wees om die tydelikheid van pleegsorg te kan aanvaar en te verwerk in hul optrede teenoor die betrokke pleegkinders (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:40).

Ter aansluiting by genoemde vereistes, meld Fick (1991:74) en De Klerk (1994:21) die volgende belangrike aspekte:

- effektiewe pleegouers is maatskaplik aktiewe persone en beskik oor sosiale vaardighede ver bo die gemiddelde persoon;
- die meeste suksesvolle pleegouers is persone wat godsdienstig aktief is en hulself uitlewe in kerklike bedrywighede;
- suksesvolle pleegouers dra ook buitengewone goeie kennis van hul pleegkind se biologiese ouers; en
- suksesvolle pleegouers toon oor die algemeen ‘n hoë mate van selfaktivering en vaardigheid in die hantering van probleemsituasies.

Volgens Fick (1991:76) en Human (1994:80), blyk dit dat pleegouers in Suid-Afrika nie voldoende opleiding en inligting van al die fasette en implikasies van pleegsorg ontvang nie. Pleegouers is dikwels onkundig oor praktiese aangeleenthede, soos die verkryging van mediese dienste, die regte van die biologiese ouers, hul eie regte en verpligtinge, asook die wetlike implikasies van pleegsorg. L. Smith (1996:30) meld verder dat dit uiters noodsaaklik is dat pleegouers voldoende opleiding moet ontvang oor wat om te verwag rakende die pleegsorgsituasie, asook om ‘n deeglike kennisbasis op te bou aangaande die wetlikheid van pleegsorg. Volgens Vallender en Fogelman (1987:76), is die opleiding van voornemende pleegouers baie belangrik, om sodoende die pleegplasing suksesvol te laat verloop. Genoemde skrywers noem verder: “… recruitment, assessment and selection of foster homes are vital for the success of placements…”

Fick (1991:78) stel voor dat hierdie opleidingsprogram ontwikkel en uitgebrei word, ten einde die volgende belangrike aangeleenthede in te sluit:

- die uitbreiding van die pleegouer se kennis ten opsigte van die gedepriveerde kind sowel as die problematiek wat hy met hom saambring, met ander woorde die ontwikkeling van die pleegouer se vermoë om probleme te herken en te hanteer;

- die inhoud van die program moet gekoördineer word met die eise van die passing en plasing van 'n gedepriveerde kind; en
- die effektiwiteit van die program moet geëvalueer word deur die pleegouers se terugvoer te benut en die program daarvolgens aan te pas.

Van der Merwe (1992:99) meld dat die doel van 'n opleidingsprogram vir pleegouers, die volgende moet wees:

- opleiding van voornemende pleegouers is noodsaaklik omdat pleegouers so 'n belangrike bydrae lewer as substituutouers;
- opleiding is noodsaaklik omdat natuurlike ouerskap nie outomatiese voorbereiding is vir pleegouerskap nie;
- opleiding moet daarop fokus om ouerlike vermoëns in te skerp en ouers voor te berei op hulle pleegouerrol; en
- die hoofoogmerk van opleiding van voornemende pleegouers is om dienste aan kinders te verbeter en om pleegkinders beter te verstaan.

Die navorser ondersteun Vallender en Fogelman (1987:77) se mening dat die groepmetode om voornemende pleegouers op die pleegplasing voor te berei, *aanvullend* is tot die hele keurings- en opleidingsproses, aangesien individuele onderhoude en tuisbesoeke ook van kardinale belang is. Vir die doeleindes van hierdie studie, het die navorser die opleidingsprogram vir voornemende pleegouers in groepsverband aangebied, met individuele opvolgbesoeke 'n maand later. Die uitgangspunt betreffende die opleiding van voornemende pleegouers dien dus as hoofdoel vir hierdie navorsing.

## 4.9 PASSING EN PLASING VAN KINDERS IN PLEEGSORG

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:48) omskryf passing soos volg: "Proses waarvolgens die mees geskikte aanneemouers of pleegouers vir 'n spesifieke kind uit die beskikbare aantal gekeurde ouers gekies word." Volgens Human (1994:82), word die passing en plasing van 'n kind deur alle welsynsinstansies as die mees kritieke fase in die pleegsorgdienslewering beskou. Al die partye wat hierby betrokke is, sluit die voornemende pleeggesin, die betrokke kind, die biologiese ouers en die maatskaplike werker, in. Die proses van passing en plasing kan eers in werking gestel word wanneer die evaluering van

die gesinsisteem van die kind en onderhandelinge met die ouers afgehandel is (Engelbrecht, 2002).

Hierdie fase van passing en plasing ten opsigte van pleegsorgdienslewering word deur die meeste welsynsinstansies volgens twee stadia hanteer. Die twee stadia word aan die hand van die *South African National Council for Child and Family Welfare* (1987:58-65) bespreek:

### 4.9.1 Selektering en voorbereiding vir plasing

Fick (1991:83) meen dat verkeerde passing en 'n gebrek aan voorbereiding vir plasing, gesamentlik of afsonderlik, daarvoor verantwoordelik kan wees dat 'n pleegplasing kan misluk. Diepgaande kennis van die kind, die betrokke gesin en die pleeggesin ontbreek dikwels, wat verhoed dat 'n suksesvolle passing gedoen kan word (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn*, 1990:41). Fitzgerald en Murcer (1982:72) is van mening: "… matching is neither possible nor appropriate. We found the term 'selection' more appropriate to describe a process which considered carefully many factors in the child and the substitute family, but in the search of compatibility rather than similarity."

Die navorser stem saam met hierdie siening, aangesien die aanpasbaarheid van die kind by sy pleeggesin 'n aanduiding sal wees in hoe 'n mate probleme oorbrug kan word. Alle individue is uniek, daarom is dit nie moontlik om persone met *dieselfde* agtergrond en omstandighede bymekaar te probeer plaas nie. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word dus eerder van die term 'seleksie' gebruik gemaak.

Wanneer seleksie gedoen word, moet die volgende volgens die *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn* (1990:41) by die substituutgesin in oorweging geneem word:

- gesinsamestelling;
- motivering om as pleegouers op te tree;
- emosionele verwagtings van elke gesinslid ten opsigte van pleegsorg;
- intellektuele verwagtings;
- lewenstyl;
- rolvervulling en rolverwagting;
- gesinstruktuur;
- fisieke omgewing;

- gesin se vermoë tot samewerking;
- opvoedingspeil;
- emosionele kapasiteit van pleegouers;
- behoeftes van die pleegkind; en
- pleegouers se voorkeur vir 'n spesifieke kind (Fitzgerald & Murcer, 1982:81; De Klerk, 1994:19).

'n Eie mening is dat dit belangrik is dat die behoeftes van die kind moet bepaal watter pleegouers vir sy versorging geselekteer kan word. Dit is ook noodsaaklik dat die maatskaplike werkers vertroud moet wees met die verskillende sisteme wat bestaan en die effek wat hierdie sisteme (pleeggesin, pleegkind en biologiese ouers) op mekaar sal hê. Dit kan veral verwarring by die pleegkind veroorsaak as hy uit 'n oop gesinsisteem (biologiese gesin) kom waar daar omtrent geen grense was nie, en in 'n sisteem (pleeggesin) geplaas word waar die grense meer rigied is. Die pleegkind en die pleegouers moet dus op plasing voorberei word. Ghetti, *et al.* (2002:235-251) noem dat voorbereiding beteken om kennis en beheer aan die kind te gee. Die *Department of Welfare* (1998:9) meld die volgende: "The preparation should be adapted to the child's age, experience, individual needs, personality, the circumstances necessitating placement as well as any other special problems presented by the prospect of placement in alternative care."

Dit is belangrik dat die maatskaplike werker spesifieke inligting aangaande die nuwe omgewing, asook 'n volledige beskrywing van die fisieke voorkoms van al die gesinslede van die voornemende pleeggesin met hul voorkeure en afkeure sal voorsien (*Department of Welfare*, 1998:9). Die geleidelike blootstelling van die kind deur middel van voorafgaande beplande besoeke sal die kind help om sy sekuriteit te herwin, te desensitiseer ten opsigte van die onbekende omgewing van sy voornemende pleeggesin en om minder trauma te ervaar (Fahlberg 1994:177; Schultz, 2000:42). Fahlberg (1994:178) meen dat dit belangrik is om eerlik met die kind te wees oor die voorgenome plasing en die omstandighede nie te verlig deur die kind gerus te stel dat alles wel sal wees nie. Die maatskaplike werker wat die kind voorberei op plasing, moet, waar moontlik, die kind tydens die plasing vergesel, aangesien haar teenwoordigheid emosionele ondersteuning aan die kind bied. Die kind moet veilig voel en beheer ervaar (*Department of Welfare*, 1998:9).

### 4.9.2 Plasing van die kind

In die lig van die feit dat die plasing van 'n kind by 'n spesifieke pleeggesin in 'n groot mate die geleentheid aan die kind beteken om sy volle potensiaal te ontwikkel, is dit dus belangrik dat maatskaplike werkers hierdie fase met omsigtigheid moet hanteer (Roberts, 1990:37).

Human (1994:85) noem dat:

> Alhoewel die plasingsproses by welsynsinstansies beplan word aan die hand van die individuele behoeftes van die kind in nood, word die bepaling van hierdie behoeftes dikwels aan die hand van waarneembare probleme gedoen, gevolglik is daar dus geen wetenskaplike fundering vir die handelinge en besluite deur die maatskaplike werker geneem nie.

Human (1994:74) meen dat die volgende aspekte by die plasing van 'n kind in ag geneem behoort te word:

- die kind moet by 'n gesin geplaas word waar hy aan dieselfde taal, godsdiens en kultuurverband as sy ouers, blootgestel word;
- plasing by familielede ten einde die kind binne sy familieverband te hou, dien as eerste oorweging;
- die pleeggesin moet finansieel en in status nie só ver verskil van die kind se ouers dat dit die ouers se toegang en die kind se aanpassing na terugplasing sal bemoeilik nie;
- die kind behoort binne die maklike bereik van sy ouers geplaas te word en in omstandighede waar die ouers hom met vrymoedigheid kan besoek;
- ooreenkomste wat betref besoektye, frekwensie van besoeke en voorwaardes betreffende vakansieverlof, moet reeds voor die plasing bespreek word en moet daarop afgestem wees om kontak tussen die ouers en die kind te bevorder en te vergemaklik; en
- kinders uit 'n gesin moet, indien moontlik, bymekaar geplaas word en die belangrike binding en interafhanklikheid van sibbe moet in ag geneem word (Swanepoel & Wessels, 1992:162-163; Scholtz, 1997:14-15).

Volgens Roberts (1990:40-46) en Fick (1991:88), moet die plasingsproses aan die hand van die volgende fases realiseer:

- <u>Die ontmoetingsfase</u>: Ontmoeting tussen die betrokke partye, wat die pleegkind, sy voornemende pleegouers, sy biologiese ouers, asook die betrokke maatskaplike werker insluit, vind vooraf plaas. 'n Vooraf beplande ontmoeting tussen al die betrokke partye

kan gevoelens van trauma en verlies by die kind verminder en die betrokke ouers se samewerking ten opsigte van verdere dienslewering, vergemaklik (Fahlberg, 1994:169).

- Die verbindingsfase: Dit is die fase waar die pleeggesin en ook die pleegkind, indien sy ouderdom dit toelaat, hulself verbind tot verdere kennismaking met die oog op 'n moontlike plasing. Hierdie fase is veral belangrik indien die kind se binding met sy vorige versorger baie sterk was, sodat verskuiwing na alternatiewe sorg, gevoelens van skok en ontkenning by die kind kan laat ontstaan. Alhoewel die betrokke volwassenes in sulke omstandighede die proses wil verhaas, is dit belangrik dat dit ontmoedig moet word (Fahlberg, 1994:170).

- Die inset van die ouers: Dit is hier nodig om in samewerking met die biologiese ouers, tot 'n plasingsbesluit te kom. Die ouers kan tydens hierdie fase hulself verbind oor hoe hulle na die verskuiwing van die kind, hul samewerking sal bied. Deurlopende betrokkenheid van die ouers, kan die trauma en spanning rakende die plasing van die kind, verminder (Plumer, 1992:112).

- Verskuiwing van die kind: Die kind raak algaande meer betrokke by sy pleeggesin, en die behandelingsplan van die maatskaplike werker tree in werking. Alhoewel alles moontlik vooraf gedoen is om die betrokke kind en sy ouers op die verskuiwing voor te berei, is dit belangrik dat dienste na die verskuiwing van die kind, voortgesit moet word (Fahlberg, 1994:171).

Plumer (1992:101) meld dat die effektiwiteit van die implementering van bogenoemde fases tydens die plasingsproses, die integriteit van die verskillende betrokke individue in ag neem, wat die kans op die sukses van die plasing, verbeter. Aangesien die doel van die plasing van die kind in substituutsorg die daarstelling van 'n harmoniese opvoedingsmilieu insluit, waarbinne die kind met geborgenheid sy persoonsontwikkeling kan voortsit, is dit volgens Fick (1991:83) en Plumer (1992:100), nodig dat die volgende aspekte rakende die pleegkind se disharmoniese agtergrond aan die voornemende pleegouers toegelig word:

- pleegkinders se behoeftes kan nie van die behoeftes van sy gesin geskei word nie en daarom word geen pogings aangewend om die kind afsonderlik van sy gesin te hanteer nie;

- pleegkinders is hoë-risiko-kinders met 'n abnormale ontwikkelingsgeskiedenis, wat die gevolg van wanvoeding of ondervoeding, oorerflikheidsproblematiek, verwaarlosing of mishandeling kan wees;
- die verwydering van die kind uit 'n bekende ouerlike omgewing, is op sigself 'n nuwe risiko vir die kind;
- die plasing van 'n kind in 'n geslaagde pleegsorgsituasie is van die uiterste belang, weens die feit dat dit as 'n terapeutiese geleentheid vir die kind benut kan word;
- die emosionele belewenis van die pleegkind is op sigself 'n verdere problematiek wat terapeuties in 'n geslaagde pleegplasing aangeraak kan word; en
- indien daar enige rede is om te vermoed dat die hereniging van die kind met sy ouers wel moontlik is, moet die dienste aan die gesin as geheel voortgesit word solank die kind in pleegsorg verkeer (Roberts, 1990:33-35).

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die selektering en die plasing van 'n kind in pleegsorg, spesialiskennis verg ten opsigte van die assessering van die kind met sy spesifieke behoeftes en sy gesin se maatskaplike funksionering. Dit is ook belangrik dat die maatskaplike werker oor die nodige eienskappe beskik om doelgerig te kan optree en om besluite te kan neem. Deur voornemende pleegouers te bemagtig met kennis, kan moontlike probleme wat in die pleegsorgsituasie kan ontstaan, meer effektief deur die pleegouers hanteer word.

## 4.10 VOORTGESETTE DIENSLEWERING NA PLASING

Volgens Swanepoel en Wessels (1992:159), word 'n behandelingsplan te dikwels gesien as 'n proses wat begin nadat 'n kind verwyder is, terwyl 'n behandelingsplan 'n noodsaaklike deel van die voorkomingsdienste aan die gesin moet wees. Wanneer 'n kind uit die gesin verwyder moet word, gaan die behandelingsplan voort. Dit mag egter nodig wees om dan die behandelingsplan aan te pas by veranderde omstandighede. Volgens die *Department of Welfare* (1998:1), is dit belangrik dat 'n behandelingsplan reeds vanaf die kind se verwydering uit ouerlike sorg, opgestel moet wees. Indien dit egter nie kon realiseer nie, moet dit die eerste prioriteit van die maatskaplike werker wees om so 'n plan op te stel, direk na die kind se plasing in pleegsorg. Hierdie behandelingsplan moet die spesifieke aktiwiteite van die maatskaplike werker, die ouers en die betrokke kind reflekteer, wat daarop gefokus moet wees om die omstandighede wat tot die verwydering gelei het, te verminder.

Volgens Human (1994:88), is pleegsorgtoesigdienste en gesinsherenigingsdienste 'n belangrike diensleweringsfaset van elke welsynsinstansie se kindersorgbeleid, wat hoofsaaklik gefundeer is op die beleidsriglyne soos deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling daargestel. Die vennootskapsbeginsel ten opsigte van die verhouding tussen die staat en die privaatsektor, behels 'n stelsel van beleid en voorskrifte. Daar word van welsynsinstansies verwag om aanspreeklikheid ten opsigte van die effektiwiteit van die uitset van hul dienste te aanvaar (Fick, 1991:14).

Die missie vir doeltreffende en effektiewe dienste op die terrein van kinder- en gesinsorg is, volgens die *South African National Council for Child and Family Welfare* (1987:1-2), tweeledig van aard, naamlik:

- die positiewe maatskaplike funksionering van gesinne ten einde 'n gesonde ontwikkelingsmilieu vir die persoonsontwikkeling van die kind daar te stel; en
- op velerlei terreine moet aan die ouers die nodige ondersteuning gebied word, ten einde hulle in staat te stel om hulle kinders self op te voed.

Pleegsorgtoesigdienste en gesinsherenigingsdienste maak die grootste deel van dienslewering in die maatskaplikewerk-professie uit, en word gevolglik onder punt 4.10.1 en 4.10.2 soos volg bespreek:

**4.10.1 Pleegsorgtoesigdienste**

Volgens Human (1994:89), behels pleegsorgtoesigdienste die verpligte optrede en handeling van die maatskaplike werker ten opsigte van dienslewering aan die kind in pleegsorg. Sodra 'n kind by 'n gesin in pleegsorg geplaas word, is die pleegouers daarop geregtig om deurlopende ondersteuning en hulp van die maatskaplike werker te ontvang, sodat hulle toegerus kan word om die taak te verrig waarvoor hulle gekeur, opgelei en voorberei is (*Department of Welfare,* 1998:21).

Volgens die *Department of Welfare* (1998:11), het die pleegkind 'n behoefte aan kontinuïteit van kontak met die maatskaplike werker. Dit is dus belangrik dat die maatskaplike werker die pleegkind van die volgende bewus moet maak:

- hoe gereeld die kind kontak met die maatskaplike werker sal hê en wat die doel van die kontak sal wees;
- watter reëlings getref is rakende die pleegkind se skool, sy behoeftes en mediese versorging;
- die gereeldheid en wyse waarop kontak met die kind se biologiese ouers gaan plaasvind; en
- die moontlike tydbestek van die pleegplasing (Ryan, 1994:155).

Ryan (1994:156) meld verder: "Enabling children to be involved properly in discussions and decisions means making sure that they have information and explanations so that they are able to reach an informed view."

Die navorser steun hierdie stelling dat die kind geken moet word in sy toekomsbeplanning en die behandelingsplan wat deur die maatskaplike werker opgestel is. Die gebrek aan gesprekvoering met die kind self, asook onvoldoende kennis oor die behoeftes van die kind en die hantering daarvan, is dikwels probleme wat daartoe bydra dat die maatskaplike werker nie aan die verwagtinge van die kind in nood, voldoen nie. Dit gebeur gereeld dat die maatskaplike werker wat pleegsorgtoesigdienste lewer, hoofsaaklik met die pleegouers kontak maak, sodat direkte kontak met die pleegkind nie bewerkstellig word nie. Oorhoofs gesien, som die navorser pleegsorgtoesigdienste dus soos volg op: Deurlopende dienste wat die maatskaplike werker aan die pleeggesin as geheel, asook aan die individue afsonderlik in die pleegsorgsituasie lewer, wat terapeutiese, bemiddelings-, ondersteunings-, adviserende, sowel as organisatoriese dienste insluit. Hierdie dienste duur voort totdat die kind in sy ouers se sorg herstel word of die ouderdom van 18 jaar bereik.

Die uitgangspunt dat die gesinseenheid van kardinale belang is, maak dit noodsaaklik dat daar in maatskaplikewerk-dienslewering steeds daarna gestreef word om die gesinseenheid te behou, met die gevolg dat pleegsorgtoesigdienste hand aan hand gaan met dienste aan die biologiese gesin van die pleegkind (Starke, 1989:37; Schultz, 2002:9).

**4.10.2 Gesinsherenigingsdienste**

Gesinshereniging word deur Maluccio, Fein en Davis (1994:489) soos volg beskryf: "…the planned process of reconnecting children in out-of-home care with their biological families to help them achieve and maintain their optimal level of reconnection…" Die *Department of*

*Welfare* (1998:22) omskryf gesinsherenigingsdienste soos volg: "The goal-directed plan of restorative action shall include activities to promote an environment condusive to the development of the strengths and skills of the parent or guardian and child. The parent or guardian should, furthermore, be introduced to the relevant resources for utilisation during the period of the child's placement. "

Die oogmerk van die herstel van die pleegkind in sy biologiese ouers se sorg, is tydsgebonde en hang saam met die pleegkind se ouderdom, die ouers se vermoë tot herstel en die pleegkind se gebondenheid aan en vestiging van 'n verhouding met die pleegouers (Human, 1994:91). Dit is dus belangrik dat dienste gefokus moet wees op die hereniging van die gesin, waar die ouers by die pleegplasing betrek moet word (Fourie, 1999:19). De Bruyn (1984:20) noem dat om hierdie oogmerk te bereik, is dit ook belangrik om kontak tussen die ouers en hul kind aan te moedig, sodat die ouer-kind-verhouding nie skade ly nie (Fahlberg, 1994:187; Schultz, 2002:80).

Uit die Pleegsorgprogram van die Ondersteuningsraad (2000) is dit duidelik dat die verwydering van 'n kind uit sy ouers se sorg, nie die einde van emosionele en psigologiese bande is nie; dus is kontak met die gesin van herkoms baie belangrik. Kontak tussen 'n pleegkind en sy biologiese ouers beteken, volgens die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), die volgende:

- om 'n persoonlike verhouding met die kind te handhaaf; en
- indien die kind deur iemand anders versorg word, moet kommunikasie op deurlopende basis plaasvind deur middel van besoeke, briewe, telefoonoproepe of enige vorm van elektroniese kommunikasie (Government Gazette, 2006:20).

Die nut van kontak tussen ouers en die pleegkind behels die volgende:

- gereelde kontak vergemaklik en bespoedig terugplasing van die kind by sy ouers;
- dit bevorder die kind se gevoel van eiewaarde, en die kind beleef nie dat sy ouers hom verwerp het nie;
- die kind sal nie vir verdere verwerping bang wees indien hy in sy ouers se sorg herstel word nie, aangesien hy hulle reeds goed ken;
- gereelde kontak dra by tot die ontwikkeling van 'n gesonde identiteitsvorming by die kind;

- die kind begryp al meer waarom hy nie meer by sy ouers kan bly nie en verstaan die realiteit van sy pleegsorgsituasie beter;
- gereelde kontak hou die band van gehegtheid in stand tussen die kind en sy biologiese ouers;
- kontak help ook die kind om gouer deur sy roufase te kom en aan te pas in sy nuwe versorgingsposisie; en
- dit help die ouers om steeds met hulle rol as ouers vir hul kind geïdentifiseer te bly (De Bruyn, 1984:229; Fahlberg, 1994:171; Fourie, 1999:20).

Volgens Starke (1989:50) en Human (1994:94), word gesinsherenigingsdienste op die volgende maniere by die welsynsinstansies in Suid-Afrika gelewer:

- gesinsherenigingsdienste word slegs gelewer as die biologiese ouers beskikbaar is;
- dienste word nie aan die ouers gelewer as die ouers nie daarin belangstel nie;
- dienslewering neem 'n aanvang sodra die kinders verwyder is, maar word na 'n tydperk gestaak indien die ouers nie hul samewerking bied nie;
- gesinsherenigingsdienste word gestaak indien die pleegkind laat blyk dat hy nie meer emosioneel van sy ouers afhanklik is nie;
- maatskaplike werkers verwissel dikwels, en daar is gevolglik 'n gebrek aan kontinuïteit in dienslewering aan die ouers;
- hoë gevalleladings lei daartoe dat maatskaplike werkers selde by doelgerigte beplanning en dienslewering uitkom; en
- weens die feit dat die maatskaplike werker die kind uit sy ouers se sorg verwyder het, gee dit aanleiding tot 'n gebrekkige vertrouensverhouding tussen die ouers en die maatskaplike werker.

Uit die navorser se ervaring, is die gebrek in die lewering van gesinsherenigingsdienste daarin geleë dat by die verwydering van 'n kind uit sy ouerhuis, daar geen voorwaardes aan die ouers gestel word nie. Ouers is dus oningelig of onseker oor wat van hulle verwag word. Gesinsherenigingsdienste duur soms jare en gaan dus onbepland voort, ongeag die ouers se behoeftes, hul potensiaal vir rehabilitasie of die wenslikheid van terugplasing vir die kind. Lae intellektuele vermoëns van die biologiese ouers, asook hul gebrek aan insig rakende hul aandeel in wat tot die verwydering van hul kind gelei het, dra daartoe by dat die prognose van die ouers swak is. Alhoewel die betrokkenheid en kontak van hierdie ouers met hul kind egter gereeld kan wees, kan terugplasing van die kind nie geskied nie. Dit lei dus daartoe

dat intensiewe dienste wel op langtermyn en deurlopend aan hierdie ouers gelewer word, sonder enige verandering in die biologiese ouers se omstandighede.

## 4.11 TAAK VAN DIE PLEEGOUERS

Volgens die *South African National Council for Child and Family Welfare* (1987:88), verskil die take van onderskeie pleegouers van mekaar, aangesien die behoeftes van hul pleegkinders van mekaar verskil. Die oorhoofse doel van pleegsorg is om alternatiewe versorging aan 'n kind te voorsien binne die milieu van 'n normaal funksionerende gesin. Die taak van die pleegouers is egter baie moeilik, omdat hulle daarvoor verantwoordelik is om al die verantwoordelikhede van 'n ouer op hulle te neem, sonder die regte van die biologiese ouers en met die wete dat hulle die kind in die toekoms kan verloor indien die kind in sy ouers se sorg herstel word (Snyman, 2003). Fahlberg (1994:170) meen: "It is important that new parent figures be empowered to behave like parents both in terms of emotional nurturing and in terms of providing structure and discipline."

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:69) definieer voogdyskap soos volg: "Gesag van 'n voog, aangestel volgens wetgewing, oor die persoon en eiendom van 'n ander." Volgens Hitchcock (2006), verkry pleegouers egter nie *voogdyskap* oor hul pleegkind nie, aangesien die biologiese ouers steeds voogdyskap oor hul kinders behou, selfs na die verwydering van hul kind. Volgens Bosman en Van Zyl (1997:56), word die Hooggeregshof as die oppervoog van minderjarige kinders gesien en word voogdyskap slegs deur hierdie hof toegewys en nie die *kinderhof* nie.

Weens die feit dat die biologiese ouers voogdyskap behou, word ouers se toestemming, volgens die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), in die volgende gevalle steeds benodig, selfs al verkeer hul kinders in pleegsorg:

- tot hul kind se aanneming;
- tot hul kind se huwelik, indien onder die ouderdom van 18 jaar;
- tot die kind se vertrek of verwydering uit die Republiek
- tot die kind se aansoek om 'n paspoort;
- tot die vervreemding of die verkoop van enige vaste eiendom;
- tot die kind se verwydering uit die land; en

- mediese versorging waar die kind narkose nodig het (Bosman & Van Zyl, 1997:52; Government Gazette, 2006:38; Hitchcock, 2006).

Pleegouers word deur die kinderhof aangewys as alternatiewe versorgers van sorgbehoewend kinders, en gevolglik word daar ook bepaalde verantwoordelikhede aan hulle opgelê. Dit behels dat die pleegouers wel die magtiging het om toestemming te gee vir aspekte rakende die algemene versorging van die kind, naamlik:

- algemene mediese versorging waar die kind nie narkose nodig het nie;
- skolastiese opvoeding, byvoorbeeld eie keuse van kleuterskool en skool (sluit in die gee van toestemming vir skooluitstappies, buitemuurse aktiwiteite en skooltoere en -kampe);
- algemene dissiplinering van die kind; en
- oopmaak van bankrekening vir die kind (Hitchcock, 2006).

Die welsynsorganisasie wat die pleegouers gewerf het, het ‘n belangrike taak en verantwoordelikheid om die pleegouers te help om ‘n duidelike besef van hul rol te verkry en dit doeltreffend te vervul (Fourie, 1999:27). Volgens Kleynhans (2000:27), verskil die take van pleegouers, afhangend van die pleegkind se behoeftes. Die algemene take van pleegouers maak wel ‘n deel van hierdie opleidingsprogram (hoofstuk ses) uit, maar word nie diepgaande hanteer tydens die opleidingsessies met die voornemende pleegouers nie. Weens ‘n gebrek aan tyd, moes die program oor ‘n tydperk aangepas en verkort word. Aanvullende dokumentasie is dus aan die voornemende pleegouers uitgedeel sodat hulle dit self verder kon bestudeer. Vir ‘n volledige oorsig, word die algemene take van pleegouers vervolgens aan die hand van die *South African National for Child and Famliy Welfare* (1987:88-90) soos volg bespreek:

### 4.11.1 Fisiese versorging van die pleegkind

Die duidelikste en ooglopendste taak van die pleegouers behels die fisiese versorging van die pleegkind. Voordat die pleegouers aan ‘n hegte emosionele band met die pleegkind kan bou, is hulle daarvoor verantwoordelik om in die fisiese en materiële behoeftes van die pleegkind te voorsien, wat behoeftes aan voldoende voeding, kleding, beskutting en veiligheid insluit. Die fisiese versorging van die pleegkind sluit ook alle gesondheidsorg en skolastiese opvoeding in. Volgens Kleynhans (2000:27), is die fisiese versorging van ‘n kind ‘n belangrike komponent in die ontwikkeling van die verhouding met die kind. Sodra die kind

fisiese sekuriteit in sy omgewing beleef, kan verhoudings met die pleeggesin gevestig word (Scholtz, 1997:2).

Die navorser is van mening dat die gevaar kan bestaan dat pleegouers wat uit 'n hoë sosio-ekonomiese klas kom, die sukses van die pleegsorgplasing meet aan die hoë lewenstandaard waaraan hulle die pleegkind blootstel. Gevolglik kan dit gebeur dat warmte en liefde agterweë bly. Indien die herstel van die pleegkind in sy ouers se sorg oorweeg sou word, kan die gevaar dan ook bestaan dat hulle 'n onbegrip toon vir die kind se behoefte aan sy ouers en kan hulle dit as ondankbaarheid van die pleegkind, beleef. Die hoë lewenstandaard waaraan die pleegkind in sy pleegsorgsituasie blootgestel is, kan ook die terugplasing van hierdie kind in sy ouers se sorg bemoeilik, deurdat die kind 'n onwilligheid kan toon om van sy leefwyse by sy pleegouers af te sien of weer moeilik in sy ouers se armer omstandighede kan aanpas.

**4.11.2 Emosionele versorging van die pleegkind**

Alle kinders benodig nie net fisiese versorging nie, maar ook liefde en sekuriteit. 'n Kind wat in pleegsorg geplaas word, is gewoonlik emosioneel geskaad weens sy vorige onstabiele huislike omstandighede, sy traumatiese belewenis van die redes vir sy verwydering uit sy ouers se sorg, asook sy belewenis van die statutêre proses (McMahon, 1992:185; Plumer, 1992:106-108; Hayes & Pineus, 2003:1). Indien die pleegkind emosionele of gedragsprobleme ervaar, is die pleegouers meestal eerste om hierdie probleme te identifiseer. Dit is dan ook hul taak om hierdie probleme onder die maatskaplike werker se aandag te bring, wat gevolglik die nodige reëlings sal tref vir behandeling en terapie. Volgens Kleynhans (2000:27), word die pleegouers meestal betrek by hierdie behandelingsprogram. Dit is ook verder die taak van die pleegouers om die pleegkind te ondersteun solank hy in hul sorg verkeer en om hom te help om die verlies aan sy biologiese ouers te bowe te kom. Dit kan 'n moeilike taak wees, omdat die kind verdeelde lojaliteite tussen sy ouers en sy pleegouers kan ervaar, met die gevolg dat die kind nie altyd onmiddellik op die pleegouers se toegeneentheid reageer nie. Die pleegouer "vervang" nie die pleegkind se ouer in die oë van die kind nie. Die pleegkind sal later uit eie reg tot hierdie besluit oorgaan, al dan nie (Human 1994:287).

Die navorser noem dat die daarstel van 'n struktuur aan die pleegkind se lewe en die betoning van liefde en aanvaarding deur die pleegouers, eindelose geduld en

deursettingsvermoë van die pleegouer verg. Die maatskaplike werker moet juis die pleegouers hierin ondersteun deur hulle daarop te wys dat hierdie kind reeds 'n behoefte aan struktuur en liefde het en dat die kind moet leer om aan die nuwe gesin se leefwyse gewoond te raak. Die pleegouers moet ook besef dat die pleegkind verliese ervaar het en deur die verskillende fases van die rouproses sal beweeg.

**4.11.3 Sosiale ontwikkeling van die pleegkind**

Die pleegkind betree die huis van sy pleegouers as 'n individu met die behoefte om te sosialiseer, sosiaal aanvaarbaar te wees en om sy eie identiteit te behou. Dit impliseer dat die pleegouers die kind moet aanvaar soos wat hy tans is, maar met erkenning van sy verlede en agtergrond (Kleynhans, 2000:28). Een van die belangrikste aspekte hiervan, is dat die pleegouers dus ook die biologiese ouers moet aanvaar. Indien die pleegkind beleef dat die pleegouers sy ouers verwerp, kan dit lei tot 'n mislukte pleegplasing. 'n Verdere taak van die pleegouers behels dat hulle die pleegkind help om positiewe en hegte bande met hul eie kinders te vestig. Die pleegkind se identifikasie met die ander kinders in die huis, kan dien as 'n korrektiewe leerproses, waardeur die pleegkind gesonde interaksies met sy portuurgroep kan aanleer. Slegs as die pleegkind beleef dat hy deur die gesinsisteem, wat die pleeggesin en ook die uitgebreide familie insluit, aanvaar word, sal hy gemaklik voel en met sy nuwe omgewing begin identifiseer. 'n Pleegkind wat onvoorwaardelik deur sy pleegouers aanvaar en geken word, is 'n kind wat dit sal waag aan vriendskappe met lede van sy portuurgroep, die teenoorgestelde geslag en ander volwasse persone. Die rol wat die voorbeeld van die pleegouer speel, is vir die pleegkind van onskatbare waarde, omdat die pleegkind meer geredelik daarop ingestel is om deur die voorbeeld van sy pleegouers te leer, as uit formele onderrig (Human, 1994:331).

Die navorser is hier van mening dat die pleegouers hul waardes en norme en die sosiale vaardighede waaroor hulle beskik, in hul alledaagse lewe behoort uit te beeld, byvoorbeeld deur te let op hulle optrede teenoor die maatskaplike werker, die kind se biologiese ouers of deur die kind te vergeef vir sy oortredinge. Die pleegouers moet ook let op konsekwente en regverdige optrede teenoor al die kinders, deur die stel van grense, positiewe dissiplinering, asook 'n veilige struktuur van aanvaarding.

**4.11.4 Opvoedkundige ontwikkeling van die pleegkind**

Skoolgaande pleegkinders moet nie net aanpassings maak rakende 'n nuwe huis nie, maar moet ook gewoonlik in 'n nuwe skool aanpas. Aanpassing in 'n nuwe skool sal vir die pleegkind vergemaklik word wanneer die pleegouers die kind op sy eerste dag by die nuwe skool, vergesel. Die pleegouers moet die skoolhoof en onderwysers inlig oor die kind se omstandighede en die rol wat hulle as sy pleegouers vervul (Kleynhans, 2000:28). Die pleegouers kan ook belangstelling in die kind toon deur hom te help met sy huiswerk, reëlings te tref vir remediërende klasse en deur die kind aan te moedig om deel te neem aan sport en ander skoolaktiwiteite. Enige leerprobleme wat die kind het as gevolg van onderstimulering en/of die verwydering, moet onder die maatskaplike werker se aandag gebring word. Die opvoedingstake van die pleegouer kan ook die aanleer van sosiaal aanvaarbare gedrag, maniere, padveiligheid en higiëne behels (Human, 1994:318).

Die navorser is van mening dat, in die geval van skoolgaande kinders, dit belangrik is om die skool as ondersteuningsisteem vir die pleegkind sowel as vir die pleegouers te mobiliseer. Buitemuurse aktiwiteite impliseer geleenthede wat deur die pleegouers geskep word vir die gebalanseerde fisieke ontwikkeling van die pleegkind, die verwerwing van sosiale vaardighede en inskakeling by ander sisteme wat kan help met sosialisering en kognitiewe stimulering.

**4.11.5 Samewerking met die maatskaplike werker**

Dit word van die pleegouers verwag om hul volle samewerking aan die betrokke maatskaplike werker te gee. Slegs indien daar 'n goeie verhouding tussen die pleegouers en die maatskaplike werker bestaan, kan effektiewe dienste gelewer word, waarby die pleegkind kan baatvind. Dit beteken dat pleegouers hul beperkinge moet erken en hulle tot die maatskaplike werker om hulp moet wend. Inligting vanaf die pleegouers rakende die pleegkind se aanpassing en algemene gedrag en optrede is van groot waarde vir die maatskaplike werker met betrekking tot die beplanning van verdere dienslewering (Fick, 1991:78).

Volgens die navorser, moet die verhouding tussen die maatskaplike werker en die pleegouers as 'n vennootskap gesien word. Dit gebeur egter in die praktyk dat maatskaplike werkers pleegouers as bevoeg beleef om self probleme op te los, en onttrek hulle dan aan

verdere intensiewe dienslewering. Pleegouers is soms ook huiwerig om die betrokke maatskaplike werker te nader vir hulp en leiding, uit vrees dat hulle as onbekwaam beskou sal word.

## 4.12 PERMANENSIEBEPLANNING

Uit navorsing deur die *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn* (1990:13), is bevind dat pleegsorg in die praktyk, oorwegend 'n langtermynversorgingsposisie is, maar dat weinig aandag aan permanensiebeplanning gegee word. Die uitgangspunt in permanensiebeplanning is dat 'n kind stabiliteit, sekuriteit en 'n permanente betekenisvolle verhouding met sy versorgers nodig het vir gesonde groei en ontwikkeling. Permanensiebeplanning is dus 'n proses van sistematiese beplanning wat aan 'n vasgestelde tydperk gekoppel is. Daar word van die standpunt uitgegaan dat, indien die kind nie in sy ouerhuis kan aanbly nie, moet dit steeds prioriteit geniet dat 'n kind in die kortste moontlike tydperk in sy ouers se sorg herstel word. Dit is slegs wanneer 'n lang periode van plasing verloop het en dit vir die kind emosioneel nadelig sal wees om bande met sy pleegouers te verbreek, dat die fokus verskuif word na permanensiebeplanning (Schultz, 2002:87).

Volgens die *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn* (1990:11) en Swanepoel en Wessels (1992:157), is die begrip permanensiebeplanning gebaseer op die volgende uitgangspunte:

- vir gesonde ontwikkeling het 'n kind sekuriteit, stabiliteit en geborgenheid nodig en moet hy veral permanentheid ervaar in sy verhouding met sy versorgers;
- die kind se biologiese ouers is die aangewese persone om permanensie in sy lewe te bewerkstellig deur die geborgenheid wat hulle hom bied en die hegtheid en deurlopendheid van sy verhouding met hulle;
- alles moontlik moet gedoen word om te verhoed dat 'n kind uit sy ouers se sorg verwyder word;
- indien die verwydering van 'n kind onvermydelik is, moet dit 'n goed beplande en doelgerigte aksie wees, wat gegrond is op die volledige assessering en prognose van al die betrokke partye;

- solank terugplasing die doelwit is, moet alles moontlik gedoen word om vervreemding tussen ouers en hul kind te voorkom tydens plasing;
- al is die kind uit sy ouers se sorg verwyder, moet steeds erkenning gegee word aan die feit dat hulle die belangrikste persone in die kind se lewe is; en
- indien dit nie binne die vooraf beplande tyd moontlik is om ‘n kind in sy ouers se sorg te herstel nie en dit vanweë tydsverloop nie meer in die kind se belang is om in sy ouers se sorg teruggeplaas te word nie, moet op ‘n ander wyse permanensie vir die kind bewerkstellig word.

### 4.12.1 Afwesigheid van permanensiebeplanning

Volgens die *Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn* (1990:13) en Human (1994:105), skep die feit dat weinig aandag aan permanensiebeplanning gegee word, probleme vir al die betrokke partye, wat die volgende insluit:

- Die pleegouers: Die pleegouers besef na ‘n aantal jare dat die pleegkind reeds deel van hul gesin geword het en kwalik weer uit hierdie omstandighede verwyder kan word, maar moet steeds voortgaan asof dit ‘n tydelike situasie is wat enige tyd beëindig kan word.

- Die pleegkinders: Daar is eerstens die groep wat nooit ‘n ander tuiste as dié van hul pleegouers geken het nie en vir wie die moontlikheid van ‘n terugplasing ‘n bedreiging inhou, en tweedens is daar die groep wat goeie bande met hul ouers het en negatief gestrem word deur die onsekerheid van die situasie.

- Die ouers: Die ouers bly hoop dat hul kind teruggeplaas sal word en voel veronreg en is onseker oor wat van hulle verwag word.

- Die maatskaplike werkers: Die maatskaplike werkers glo dat die kind na sy ouers moet teruggaan, maar weet nie hoe om die situasie te hanteer nie omdat die kind vanweë ‘n lang tydsverloop, gevestig geraak het by sy pleegouers.

## 4.13 SAMEVATTING

Na aanleiding van genoemde literatuurstudie is dit duidelik dat pleegsorg ‘n omvattende onderwerp is en kan die volgende punte uitgelig word:

- Die pleegkind is ‘n kind met unieke behoeftes en so ‘n kind is aangewese op die beskikbaarheid van ouerpare wat bereid en geskik is om as pleegouers op te tree. Weens die fisiese en emosionele eise wat pleegsorg stel, is daar ‘n tekort aan voornemende pleegouers, en kan daar dus nie deeglike keuring van voornemende pleegouers plaasvind nie. Die gevolg is dat onoordeelkundige plasings van kinders dan gedoen word, wat weer kan lei tot die mislukking van pleegplasings. Dit veroorsaak weer dat verdere alternatiewe versorging vir die kind gevind moet word.

- Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) is in gebruik omdat die staat die verantwoordelikheid het om die regte van kinders te beskerm. Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) tree eers 2008 heeltemal in werking. Die staat het die verantwoordelikheid om kinders te beskerm, selfs nadat hulle uit hul ouers se sorg verwyder is. Tydens die assessering van risiko is dit nodig om voldoende inligting en gegewens aangaande ‘n gesin te bekom, sodat bepaal kan word of voorkomingsdienste aan die gesin gelewer moet word en of die kind uit sy ouers se sorg verwyder moet word. Daar word van die staanspoor af van die beginsel uitgegaan dat kinders in hul ouers se sorg moet aanbly en slegs in uiterste gevalle verwyder moet word, weens die emosionele trauma wat verwydering vir ‘n kind veroorsaak.

- Gronde vir die verwydering van kinders is vervat in die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) in Art 14(4), wat verlating deur ouers, dood van ouers of voogde, fisiese, emosionele of seksuele verwaarlosing en/of -mishandeling van ‘n kind behels. Indien ‘n kind sorgbehoewend bevind word, word die kind in pleegsorg geplaas volgens Art 15(1)(b) van genoemde Wet. Die hofbevel is slegs vir twee jaar geldig en die fokus is dat die kind so gou moontlik in sy ouers se sorg herstel moet word. Aanneming van pleegkinders vind selde plaas en behels dat die voogdyskap van die kind aan die pleegouers oorgedra word.

- Die kenmerk van die pleegkinders in Suid-Afrika behels dat die meerderheid hul moeders verloor weens oorsake soos MIV/VIGS en aanverwante siektes. Die ratio van

kinders teenoor volwassenes is ook groter, wat lei tot 'n gebrek aan geleenthede vir opleiding en 'n tekort aan voldoende gesondheidsorg. Wêreldwyd word kinders blootgestel aan risiko's soos deprivasie, hongersnood, armoede, misdaad, alkohol- en dwelmmisbruik en verwaarlosing.

- Die filosofie van pleegsorg behels dat die natuurlike bande tussen ouer en kind erken word, dit fokus op die terugplasing van die kind in sy ouers se sorg, erken dat die staat steeds verantwoordelikheid het vir kinders selfs na verwydering, dat al die betrokke partye in besluitneming betrek moet word en dat die inhoud van die hofbevel volledig moet wees en ook aan die ouers beskikbaar gestel moet word.

- Pleegouers moet oor die nodige eienskappe beskik, wat kennis oor, begrip van en liefde vir kinders insluit. Dit is dus nodig om voornemende pleegouers op te lei rakende pleegsorg, die wetlike implikasies daarvan en die regte en verpligtinge van pleegouers. Die opleidingsprogram moet nie net fokus op die deurgee van feitelike gegewens ten opsigte van pleegsorg nie, maar moet ook daarop fokus om die ouerpare se kennis en vaardighede rakende die hantering van die kind in nood, uit te brei, asook hoe om probleme te kan identifiseer en te hanteer.

- Die selektering van 'n pleeggesin en die gevolglike plasing van die kind, moet met oorsigtigheid hanteer word. Dit is dus nodig dat die maatskaplike werker oor die nodige inligting ten opsigte van die voornemende pleegouers en die pleegkind moet beskik, om 'n geskikte plasing te maak wat in die spesifieke behoeftes van die kind sal voorsien. Voorbereiding van die kind en die pleegouers op die voorgenome plasing, sal onsekerheid verminder en die aanpassing in die nuwe mileu vergemaklik. Dit is ook nodig dat die maatskaplike werker die pleegkind sowel as die pleegouers ingelig hou oor omstandighede wat tot die plasing aanleiding gegee het en wat die maatskaplike behandelingsplan is.

- Voortgesette dienslewering sluit pleegsorgtoesigdienste in, wat fokus op deurlopende dienste wat aan die pleegkind individueel sowel as die pleegouers gelewer word. Hierdie dienste is ondersteunend, terapeuties, raadgewend, bemiddelend en organisatories van aard. Dienste wat aan die biologiese ouers gelewer word, is gesinsherenigingsdienste, wat daarop ingestel is om die aanvanklike probleme wat tydens verwydering

teenwoordig was te elimineer, sodat die kind weer in sy ouers se sorg herstel kan word. Dienslewering by die ouers is dus gerig op rehabilitasie.

- Die taak van pleegouers fokus op die fisiese, emosionele, sosiale, asook die opvoedkundige ontwikkeling van die pleegkind. Dit is belangrik dat die pleegkind 'n gebalanseerde ontwikkeling moet hê binne 'n geborge en veilige situasie. Die verhouding tussen die pleegouers en die maatskaplike werker is op die vennootskapsbeginsel gegrond. Dit is belangrik vir die pleegouers om die maatskaplike werker ingelig te hou oor die aanpassing van die kind, sy gedrag, sy skoolvordering, asook enige probleme wat mag voorkom. Dit is belangrik dat daar 'n wedersydse vertrouensverhouding tussen die maatskaplike werker en pleegouers moet bestaan, om sodoende die beste belang van die pleegkind voorop te stel.

- Permanensiebeplanning behels dat die kind die nodige liefde, sekuriteit en geborgenheid in sy versorgingsposisie moet ervaar. Dit is dus nodig dat die kind in die kortste tyd moontlik in sy ouers se sorg herstel moet word. Indien terugplasing nie kan realiseer nie weens die ouers se onvermoë om te rehabiliteer, en die feit dat skeiding van die pleegouers vir die kind emosionele verlies kan teweegbring, word dus gefokus op permanensiebeplanning, eerder as gesinshereniging. Die afwesigheid van permanensiebeplanning bring onsekerheid vir al die betrokke partye mee.